- gefundeerde menings te verskaf oor die toneelmatigheid van dramaproduksies;
- verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste;

- die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960;
- die diachroniese ontwikkelingslyn van Afrikaans te beskryf;
- die huidige taalsituasie t.o.v. Afrikaans in terme van die historiese ontwikkeling te verklaar;
- taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer;

AFNL311: AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME I

Pk 2x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- selfstandige navorsing te doen en 'n navorsingsverslag te kan skryf;
- die aard en omvang van taalverskeidenheid in Afrikaans te kan beskryf en daarvoor verslag te kan doen;
- die basisbegrippe van die fonologie te definieer en te begryp
- verteenwoordigende Afrikaanse fonologiese verskynsels te analiseer;
- taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer;
- Afrikaanse en Nederlandse gedigte van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te vergelyk;
- poëtiese tekste en konvensies te evalueer aan die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë;
- die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

AFNL321: AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME II

Pk 2x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die kwaliteit van reeds bestaande tekste in Afrikaans te verbeter.
- selfstandige navorsing te doen en 'n navorsingsverslag te kan skryf;
- die belang van kennis van die Afrikaanse taalgebruikskunde te begryp en dit te kan toepas in die praktyk;
- die basisbegrippe van die sintaksis te definieer en te begryp
- verteenwoordigende Afrikaanse sintaktiese verskynsels te analiseer;
- die invloed van die pragmatiek op die begrip van taal te verklar en te begryp;
- taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer;
- Afrikaanse en Nederlandse prosatekste van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêre teorieë;
- Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl;
- selfstandige evaluering van romans te kan doen;
- literêre teorieë te kan toepas en te evalueer;
- die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

ANTIEKE KULTUUR

AKLR111: OU NABYE OOSTE EN GRIEKELAND

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om

- die ontwikkeling van 'n kultuur te evalueer en beskryf vanaf die voorhistoriese tydperk;
- antieke kulture van die Ou Nabye Ooste te kan bespreek;
- die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland te kan bespreek; en
- die geskiedenis en daaglikse lewe van klassieke Griekeland te kan beskryf.

AKLR121: ANTIEKE ROME EN ANDER KULTURE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om

- Romeinse sosiale geskiedenis, die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel en die konstitusionele ontwikkeling van Rome te bespreek;
- basiese Latynse regsterminologie te herken en vertaal;
- algemene Latynse terme en afkortings te herken en vertaal;
- die invloed van Latyn op sy alledaagse lewe te herken;
- die kulture van Bisantium, die Islam en sekere Afrikakulture in hooftrekke te bespreek.

DUITS

GRMB111: SAKEDUI TS ELEMENTÊR 1

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- algemene, alledaagse gesprekke te volg;
- basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld hoe om 'n maaltyd te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek en 'n afspraak te maak;
- basiese grammatikareëls toe te pas;
- relevante woordeskat te beheers;
- maklike tekste, byvoorbeeld briewe, koerantberigte, advertensies, kennisgewings en programme asook vertellings en kortverhale te lees, te begryp en te vertaal;
- elementêre tekste, byvoorbeeld 'n CV, 'n poskaart en 'n uitnodiging, te skryf;
- die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot behuising, vervoer, ekonomie, samelewing en kultuur;
- kommunikasie-situasies met voldoende interkulturele sensitiviteit te hanteer.

GRMB121: SAKEDUI TS ELEMENTÊR 2

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- algemene kommunikasie in 'n kantoor- en besigheidsomgewing te verstaan en daaraan deel te neem;
- basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld om iets te bestel of te koop, reisreëlings te tref en navrae oor iets te doen;
- basiese grammatika-reëls toe te pas;
- relevante woordeskat te beheers;
- elementêre tekste wat oor besigheid handel, byvoorbeeld agendas, programme, advertensies, koerant- en tydskrifartikels te lees, te begryp en te vertaal;
- elementêre tekste, bv. kort sakebriewe en e-pos te skryf;
- die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot werk, opleiding, geskiedenis, ekonomiese en politieke sisteme;
- kommunikasie- en onderhandelingsituasies met voldoende interkulturele sensitiviteit te hanteer.

GRMN111: DUI TS ELEMENTÊR 1

Pk 1x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n ete te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek;
- die basiese grammatikareëls toe te pas;
- relevante woordeskat te beheers;
- elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte;
- elementêre tekste te skryf, bv. 'n CV, 'n poskaart, 'n uitnodiging;

- die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

GRMN121: DUIITS ELEMENTÊR 2

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n artikel te bestel of te koop, 'n afspraak te maak, reisreëlings te tref;
- die basiese grammatikareëls toe te pas;
- relevante woordeskat te beheers;
- elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrifartikels;
- elementêre tekste te skryf, bv. situasie-beskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende;
- die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werksgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

GRMN211: DUIITS INTERMEDIÊR 1

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese kennis van die grammatika korrek toe te pas;
- nie-literêre tekste van 'n intermediêre moeilikheidsgraad te lees, verstaan en te vertaal, bv. koerant- en tydskrifartikels;
- literêre tekste te lees, verstaan en te interpreteer, bv. gedigte en kort prosa;
- kort tekste te skryf, bv. prentbeskrywings, poskaarte en informele briewe;
- kennis oor Duitsland m.b.t. geografie, geskiedenis en kultuur te verwerf;
- situasies van kommunikasie met genoegsame interkulturele bewustheid te benader.
- alledaagse gesprekke te verstaan en daaraan deel te neem.

GRMN221: DUIITS INTERMEDIÊR 2

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- alledaagse gesprekke te verstaan en daaraan deel te neem;
- basiese kennis van die grammatika korrek toe te pas;
- nie-literêre tekste van 'n intermediêre moeilikheidsgraad te lees, verstaan en te vertaal, bv. koerant- en tydskrifartikels;
- literêre tekste te lees, verstaan en te interpreteer, bv. prosa en drama;
- kort tekste te skryf, bv. programme, advertensies, formele briewe;
- situasies van kommunikasie met genoegsame interkulturele kennis en bewustheid te benader.

GRMN311: DUIITS GEVORDERD 1

PK 2x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- inligting in Duits te verstaan en inligtingsvrae te kan stel;
- Duits te verstaan en die taal met 'n redelike mate van vlotheid te praat;
- basiese kennis van die fonetiek van Duits korrek toe te pas;
- kennis van die grammatika van Duits te konsolideer en met 'n redelike mate van korrektheid in mondelinge en skriftelike kommunikasie te gebruik;
- nie-literêre tekste van 'n intermediêre moeilikheidsgraad te lees, verstaan en te vertaal, bv. koerant- en tydskrifartikels;
- literêre tekste te lees, verstaan en te interpreteer, bv. gedigte en kort prosa;
- kort tekste te skryf, bv. prentbeskrywings, poskaarte en informele briewe;

- kennis oor Duitsland m.b.t. geografie, geskiedenis en kultuur te verwerf;
- situasies van kommunikasie met genoegsame interkulturele bewustheid te benader.

GRMN321: DUIITS GEVORDERD 2

PK 2x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Duits te verstaan en die taal met 'n redelike mate van vlotheid te praat;
- basiese kennis van die fonetiek, grammatika en sinsbou van Duits te konsolideer en geïntegreerd te gebruik in mondelinge sowel as skriftelike kommunikasie;
- basiese kennis van die Kontrastiewe Linguïstiek in kommunikasie toe te pas;
- kennis van die Duitse landskap, weersomstandighede, kultuurgebruike en geskiedenis te dra en dit met Suid-Afrikaanse omstandighede te vergelyk;
- nie-literêre tekste van 'n gevorderde moeilikheidsgraad te lees, verstaan, weer te gee en te vertaal, bv. advertensies, agendas, notules, resensies, koerant- en tydskrifartikels;
- literêre tekste te lees, verstaan, weer te gee en te interpreteer, bv. poësie, prosa en drama;
- kort tekste te skryf, bv. programme, advertensies, formele briewe;
- kultureel korrek op te tree in 'n gegewe Duitse kommunikatiewe situasie.

ENGLISH

ENGL122: PRACTICAL ENGLISH FOR PROFESSIONAL PURPOSES

Pc 1x3 1:1

On completion of this module students should be able to

- develop basic academic skills such as report-writing and summarising;
- learn how to present (orally or in writing) the results of academic work (in a group or independently);
- recognise and interpret grammatical structures in texts;
- demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing.

ENGL111: ENGLISH IN CONTEXT

Pc 1x2 1:1

On completion of this module students should be able to

- analyse (apply close reading) and articulate a formal academic response to literary texts;
- write a coherent academic essay in fluent and accurate language;
- demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing.

ENGL121: INTRODUCTION TO ENGLISH LITERARY STUDIES

Pc 1x3 1:1

On completion of this module students should be able to

- Recognise generic conventions in narrative and dramatic texts;
- identify differing literary perspectives and contexts, and be able to develop coherent literary arguments;
- demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing;
- analyse the meaning of words in terms of semantic attributes and the distinction between different senses of the same word;
- determine the meaning of a word in context with the help of a dictionary.

ENGL211: ENGLISH IN THE SOUTH AFRICAN CONTEXT

Pc 1x3 1:1

On completion of this module students should be able to

- recognise the literary conventions that inform the prescribed texts;
- write a coherent essay on a literary topic;
- analyse, interpret and contextualise South African and Postcolonial texts;
- analyse the structure of words in terms of morphological categories;
- identify the characteristic morphological affixes of the major parts of speech.

ENGL221: INDIVIDUAL AND SOCIETY: LITERARY AND LINGUISTIC PERSPECTIVES

Pc 2x2 1:1

On completion of this module students should be able to

- recognise and appreciate the contexts, style, preoccupations and developments within Romantic and Victorian literature;
- be able to analyse and interpret Romantic and Victorian texts and read relevant critical texts knowledgeably and critically;
- write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly;
- identify and describe the elements of the clause in English.

ENGL311: ADVANCED LANGUAGE AND LITERARY STUDIES

Pc 2x2 1:1

On completion of this module students should be able to

- understand the ideas, genres and contexts operating on and within Shakespearean tragedy;
- analyse absurdist dramas and indicate the ways in which they respond to the world from within their particular literature and philosophical framework;
- interpret, analyse and contextualise metaphysical religious and love poetry;
- write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly;
- be familiar with the origins of the English language and development up to the 18th century;
- identify the sources of dialect variation in contemporary English (native and non-native varieties), and analyse the linguistic manifestations of language variation in a representative selection of regional varieties of contemporary English.

ENGL321 TWENTIETH-CENTURY LANGUAGE AND LITERARY STUDIES

Pc 2x2 1:1

On completion of this module students should be able to

- analyse, interpret and contextualise Modernist texts;
- analyse, interpret and contextualise Postmodernist texts and differentiate Postmodernism from Realism and Postcolonialism;
- write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly;
- display an ability to apply linguistic knowledge to literary texts;
- analyse the linguistic features of different styles and registers of contemporary English.

FILOSOFIE

FILL111: ETIESE VRAAGSTUKKE

Pk 1x2 1:1

'n Student sal in staat wees om

- verskillende standpunte te evalueer oor, asook
- etiese norme toe te pas op tipies etiese vraagstukke, soos vrae oor + doodmaak (aborsie, genadedood, doodstraf, oorlog, geweld),

- + verhoudinge (vriendskap, seksualiteit, die huwelik),
- + diskriminasie (rassisme, seksisme, homoseksualiteit, xenofobie),
- + profesionaliteit (mediese, besigheids-, openbare bestuurs-, en wetenskapsetiek).

FILL121 INLEIDING IN DIE FILOSOFIE A

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal 'n student in staat wees om homself/haarself histories en sistematies te oriënteer binne die volgende filosofiese subdissiplines:

- + ontologie (werklikheidsleer),
- + kenteorie,
- + kultuurfilosofie
- + antropologie (mensbeskouing),
- + samelewingsfilosofie,
- + etiek.

FILL122 INLEIDING IN DIE FILOSOFIE B

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal 'n student in staat wees om homself/haarself te oriënteer binne die sistematiese filosofie soos wat dit vanuit die Christelike perspektief gedoen word.

FILL211: IDEËGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal 'n student in staat wees om

- die filosofiese, wêreldbeskouwlike en ideologiese fundamente van die hedendaagse wêreldkultuur te verstaan en sy/haar posisie daarbinne krities te evalueer,
- sowel as om die idees wat die wêreldkultuur domineer te verstaan en krities te evalueer.

FILL221: SISTEMATIESE FILOSOFIEDISSIPLINES

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal 'n student in staat wees om

- verskillende standpunte binne erkende sistematiese subdissiplines van die Filosofie te verduidelik en evalueer, ook vanuit die Christelike perspektief op hierdie subdissiplines.
- begrippe wat hier aandag kan kry sluit onder andere in: 'kosmos', 'mens', 'samelewing', 'kultuur' en 'taal'.

FILL311: FILOSOFIESE TRADISIES

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal 'n student in staat wees om die basiese uitgangspunte van filosofiese tradisies wat tans aandag trek, te kan analiseer en evalueer. Tradisies wat aangebied sal word, kan die volgende insluit:

- + Dekonstruksie, Kritiese Teorie, Hermeneutiek
- + Analitiese filosofie, neo-Pragmatisme, Sisteemteorie.

FILL321: ETIEK: BEGRONDING EN TOEPASSING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal n student in staat wees om

- verskillende standpunte (soos dié van die deontologie, utilitarisme, postmodernisme) rondom die begrippe 'etiek', 'moraliteit', 'die goeie', 'norme', 'waardes', ensovoorts, te verduidelik en evalueer, ook vanuit die Christelike idee van norme vir die etiese wyse van bestaan.
- etiese standpunte en norme toe te pas op tipies etiese vraagstukke wat tans belangrik is, soos vrae oor

- + die etiek van die professies (bv. sake-etiek, mediese etiek, navorsingsetiek ens.),
- + huidige wetenskaplike ontwikkelinge (bv. omgewingsetiek, biomediese etiek, die etiek van multikulturaliteit ens.).

FILL322: KENNIS, LOGIKA EN WETENSKAP

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal n student in staat wees om

- te verstaan hoe kennis (insluitende wetenskaplike kennis) tot stand kom;
- tegnieke te gebruik om geloof en vooroordele in kennisaansprake te ontdek en
- in die algemeen om die aansprake op geldigheid van ideë te toets;
- die basiese tegnieke van wetenskaplike navorsing en die basiese wette van analitiese denke te gebruik;
- die uitgangsidees en begrippe van 'n vakwetenskap te herken en ontleed;
- die strukturele samehang van 'n vakwetenskap te kan uitwys en evalueer.

FRANS

FRAB111 SAKEFRANS VIR BEGINNERS

Pk 1X3 1:1

Ná afloop van hierdie module behoort die student voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die student behoort

- hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk;
- hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld;
- belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees;
- elementêre aantekeninge, memorandumums of briewe te kan skryf.
- In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die student binne 'n sakekonteks.

FRAB121: SAKEFRANS VIR BEGINNERS: INTERMEDIËR

Pk 1X3 1:1

Ná afloop van hierdie module behoort die student voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die student behoort

- hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk;
- hom/haar onderling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld;
- belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees;
- elementêre aantekeninge, memorandumums of briewe te kan skryf.
- In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die student binne 'n sakekonteks.

FRAN111: FRANS ELEMENTÊR 1

Pk 1x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem;
- om basiese skryfvaardighede toe te pas; en
- om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

FRAN121: FRANS ELEMENTÊR 2

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem;
- om basiese skryfvaardighede toe te pas; en
- om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

FRAN211: FRANS INTERMEDIÊR 1

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die intermediêre module behoort die student in staat te wees

- om meer diepgaande kennis van die Franse taalstruktuur te hê en hom/haar daarin meer gesofistikeerd uit te druk;
- om bekend te wees met Franse literêre, filosofiese en alledaagse kontekste en terminologie met behulp van die moderne (Franse) media (soos koerante, tydskrifte, televisie) en die analise van kerntekste in die ideëgeskiedenis van moderne Frankryk;
- om analitiese vaardighede te ontwikkel wat die betrokke media kan evalueer; en
- om goeie vertalingsvaardighede te ontwikkel het.

FRAN221: FRANS INTERMEDIÊR 2

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die intermediêre module behoort die student in staat te wees

- om meer diepgaande kennis van die Franse taalstruktuur te hê en hom/haar daarin meer gesofistikeerd uit te druk;
- om bekend te wees met Franse literêre, filosofiese en alledaagse kontekste en terminologie met behulp van die moderne (Franse) media (soos koerante, tydskrifte, televisie) en die analise van kerntekste in die ideëgeskiedenis van moderne Frankryk;
- om analitiese vaardighede te ontwikkel wat die betrokke media kan evalueer; en
- om goeie vertalingsvaardighede te ontwikkel het.

FRAN311: FRANS GEVORDERD 1

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om praatvaardig te wees in die taal (d.w.s. in staat te wees om stellings en gedagtes te formuleer en daarvoor te praat);
- om komplekse Franse tekste te begryp en te analiseer;
- om kultureel vaardig te wees t.o.v.20ste-eeuse Franse kuns, hoofsaaklik letterkunde, filosofie, skilder- en rolprentkuns.

FRAN321: FRANS GEVORDERD 2

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- om praatvaardig te wees in die taal (d.w.s. in staat te wees om stellings en gedagtes te formuleer en daarvoor te praat);
- om komplekse Franse tekste te begryp en te analiseer;
- om kultureel vaardig te wees t.o.v.20ste-eeuse Franse kuns, hoofsaaklik letterkunde, filosofie, skilder- en rolprentkuns.

GESKIEDENIS

GESK112: SUID-AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- Suid-Afrika se plek in die wêreld en die interaksie tussen die Suid-Afrikaanse
- samelewingsgroeperinge in die twintigste eeu te begryp. Die klem sal val op die
- historiese prosesse van sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling. Aspekte
- soos Suid-Afrika se betrokkenheid by die wêreldoorloë, politieke groeperinge en
- ekonomiese vooruitgang sal bestudeer word.
- Die student moet in staat wees om hierdie leerstof sinvol te integreer in sy/haar
- lewensbeskoulike opvattings.

GESK121: MODERNISERING EN SAMELEWINGSONTWIKKELING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om internasionale samelewingsontwikkeling sedert die sewentiende eeu (met besondere klem op die historiese proses van sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling) van verskillende beskawings te begryp en sinvol te integreer in sy/haar lewensbeskoulike opvattinge.

GESK122: DIE WORDING VAN DIE HEDENDAAGSE SAMELEWING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om hedendaagse samelewings-tendense (bv. tegnologiese ontwikkeling, globalisering en demokratisering) vanuit 'n historiese perspektief te interpreteer en sinvol te integreer in sy/haar lewensbeskoulike opvattings.

GESK212: SUID-AFRIKA EN AFRIKA: POLITIEKE ONTWIKKELING

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die historiese wortels van die demokrasie in die Griekse stadstate en die Romeinse Ryk na te speur en die belangrikste tendense van die ontwikkeling van demokrasie in Brittanje, Frankryk, die VSA en veral Afrika met besondere verwysing na Suid-Afrika te kan identifiseer en analiseer;
- die vernaamste kenmerke van die Britse, Duitse en Franse koloniale stelsels te identifiseer en te vergelyk en om die dekolonisasieproses in Asië en Afrika met besondere fokus op Suidelike Afrika te verduidelik en te evalueer;
- die tydperk van die Koue Oorlog en die stryd tussen twee ideologieë/magsblokke in 'n veranderde wêreld te verduidelik en aan te dui wat die invloed daarvan op Afrika en Suid-Afrika was; en
- die vernaamste kenmerke van die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die aanvang van die twintigste eeu te verduidelik.

GESK 222: SUID-AFRIKA EN AFRIKA: SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die hooftrekke van die sosiale en ekonomiese geskiedenis sedert ongeveer 1800 van Afrika en Suid-Afrika in die besonder weer te gee;
- belangrike kontemporêre probleme in Afrika in die lig van die historiese ontwikkeling te verduidelik;
- verbande tussen sosiale en ekonomiese ontwikkelings in Suid-Afrika en die res van Afrika te lê; en

- die wisselwerking tussen sosio-ekonomiese en politieke ontwikkelings in Afrika en Suid-Afrika te verduidelik.

GESK 312: DIE MENS IN INTERAKSIE MET DIE OMGEWING

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student

- die terrein van omgewingsgeskiedenis kan omskryf en kan aandui hoe dit verskil van of oorvleuel met ander subdisiplines;
- insig hê in die historiese ontwikkeling van mens-omgewing-interaksie van prehistoriese tye af tot vandag toe;
- oor deeglike kennis beskik van geselekteerde temas binne die omgewingsgeskiedenis;
- sy/haar wetenskaplike ingesteldheid tot die geskiedenis verder ontwikkel deur 'n kritiese benadering tot historiese tekste te volg, die bewussyn van en waardering vir die bestaan van uiteenlopende standpunte op te skerp, en 'n eie opinie oor omstredende kwessies te vorm en motiveer; en
- wetenskaplike tegnieke en metodes kan gebruik om navorsing te doen vir 'n referaat oor 'n onderwerp binne die omgewingsgeskiedenis en die bevindings op skrif kan stel en mondeling aanbied ooreenkomstig die wetenskaplike vereistes van geskiedenis as dissipline.

GESK 322: IDEË EN IDEËGESKIEDENIS

Pk 1X3 1:1

Afdeling 1 Aspekte van intellektuele geskiedenis

Ná voltooiing van die afdeling sal die student in staat wees om

- die vernaamste denkstrominge in die Westerse wêreld vanaf die Renaissance en hul invloed op die samelewing en kultuur te identifiseer en in breë trekke te beskryf en krities standpunt in te neem ten opsigte van kernaspekte van hierdie beskouing;
- die vernaamste kenmerke van ideologieë, wat 'n groot impak op die twintigste-eeuse geskiedenis gehad het, krities te bespreek; en
- die ontwikkeling van die universiteit as sentrum vir wetenskapontwikkeling sedert die Middeleeue en sy invloed op die samelewing te bespreek.

Afdeling 2 Metodologie van geskiedenis

Ná voltooiing van die afdeling sal die student in staat wees om

- die vernaamste stappe in 'n historiese navorsingsproses kortliks te omskryf en ook in 'n projek van beperkte omvang toe te pas;
- die waarde van bepaalde teorieë en hul nut in die bestudering van geskiedenis kortliks te verduidelik; en
- die belangrikheid van interdisiplinêre navorsing vir die historikus kortliks uiteen te sit.

Afdeling 3 Historiografie

Ná voltooiing van die afdeling sal die student in staat wees om

- die vernaamste kenmerke van die geskiedbeskouing en die geskiedskrywing in die Westerse wêreld voor 1800 kortliks aan te dui;
- oorsigtelik te beskryf en verduidelik hoe die geskiedwetenskap in die negentiende eeu sy beslag gekry het;
- die invloed van die liberale, Marxistiese en Annalesrigtings in die moderne Westerse geskiedskrywing in breë trekke aan te toon;
- die hoofkenmerke van die Afrikaanse, liberale en radikale rigtings in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedskrywing vergelykend te behandel; en
- die invloed van geskiedbeskouing, en in besonder van 'n Christelike geskiedbeskouing, op die geskiedskrywing kortliks te bespreek.

GRAFIESE ONTWERP

GRFO111: INLEIDING TOT ONTWERP 1

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese ontwerpbeginsels en visuele vormtaalelemente te kan verbaliseer en dit te kan toepas in die vorm van geslaagde ontwerpprodukte;
- kleurteorie, estetiese beginsels en simboliese vertolking te kan verduidelik en effektief te kan integreer in die uitvoer van suksesvolle ontwerpprojekte;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- basiese teorieë rondom ontwerpbeginsels op visuele asook verbale wyse te kan kommunikeer;
- geslaagde embleem- en reklame-ontwerpe te kan uitvoer;
- basiese korporatiewe en promosionele toepassings te kan skep;
- basiese tipografiese vaardighede met die uitleg van ontwerpwerk te kan integreer.

GRFO121: TOEGEPASTE ONTWERP

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- meer gevorderde toepassings van korporatiewe ontwerp te kan skep in die vorm van brosjures en die toepassing van verskeie uitlegmetodes;
- suksesvolle ontwerpprodukte te kan skep in die kategorieë van verpakkingsontwerp, inligtingsontwerp, voorbladontwerp en reklameplakkaatontwerp;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- basiese teorieë rondom toegepaste ontwerp op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer;
- tipografiese beginsels geïntegreerd binne die ontwerpomgewing te kan toepas;
- op kreatiewe wyse te kan konseptualiseer met betrekking tot korporatiewe identiteit.

GRFO211: INLEIDING TOT REKENAARONTWERP

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- inleidende beginsels van visuele dinamika te kan toepas in 'n ontwerpomgewing;
- korporatiewe-ontwerpbeginsels te verstaan en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpe;
- basiese inligtingsontwerpprodukte te kan skep;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- die basiese teorieë aangaande rekenaarontwerp op 'n verbale wyse te kan kommunikeer;
- ontwerpopplossings effektief te kan konseptualiseer;
- grafiese-ontwerpsageware op 'n vaardige wyse te kan benut en toepas op ontwerpprojekte.

GRFO221: TOEGEPASTE REKENAARONTWERP 1

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- meer gevorderde kennis ten opsigte van rekenaarsageware te kan toepas en integreer met die skep van geslaagde ontwerpe;
- rekenaarmatige ontwerpopplossings te kan konseptualiseer;

- die prosesse van rekenaarmatige ontwerp te kan verbaliseer en toepas op ontwerpprodukte;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- basiese teorieë rondom die toepassing van rekenaarontwerp op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- op kreatiewe wyse kleur te kan manipuleer op die rekenaar;
- probleme op die rekenaar te kan opspoor en oplos.

GRFO313: INTERAKTIEWE EN DRUKGEBASEERDE ONTWERP 1

Pk 1X3 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- illustrasiekuns en grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte;
- gevorderde kennis van die ontwerpproses in beide handvaardige sowel as rekenaarmatige mediums te kan toepas binne 'n kreatiewe ontwerpomgewing;
- die ontwerpproses te kan uitvoer en ontwikkel vanaf die konseptualiseringsfase tot die finale fase van reproduksie;
- gevorderde kreatiewe en konseptuele denke en vaardighede te kan toepas in interaktiewe en drukgebaseerde ontwerp;
- op 'n meer gevorderde wyse teorieë aangaande interaktiewe en drukgebaseerde rekenaarontwerp visueel en verbaal te kan kommunikeer;
- gevorderde konseptuele vaardighede ten aansien van advertering deur middel van gemengde media, alternatiewe media en multimedia te verstaan en te kan toepas in 'n geskikte media;
- die geslaagtheid van ontwerpprodukte krities te kan evalueer en 'n individuele werksmetodiek en styl te kan ontwikkel;
- kreatiewe, oorspronklike en professionele voorleggings te skep en mondelings te kan aanbied; en
- die kreatiewe proses te bestuur van die aanvang tot afhandeling van die projek deur middel van 'n prosesdokument/boek.

GRFO322: TOEGEPASTE REKENAARONTWERP 2

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- gevorderde kennis in relevante rekenaarsagteware te kan toepas asook die manipulasie daarvan te kan integreer met die daarstelling van suksesvolle ontwerpprodukte;
- gevorderde kreatiewe konsepte te kan ontwikkel;
- gevorderde kennis van rekenaarmatige verwerking van ontwerpe te kan toepas in 'n kreatiewe ontwerpomgewing;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- teorieë rondom die gevorderde toepassing van rekenaarontwerp op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- omvattende korporatiewe identiteitprodukte te kan ontwikkel en toepaslike ontwerpprodukte te kan skep;
- verskeie sagtewareprogramme effektief te kan integreer vir 'n enkele ontwerp-produk.

GRFO411: MULTIMEDIA-ONTWERP

Pk 1X3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n ontwerpproduk op 'n gevorderde vlak krities te kan evalueer;
- 'n verskeidenheid ontwerpersmedia met vindingrykheid en oortuiging te kan bemeester om 'n treffende en oorspronklike produk te kan ontwerp;
- onafhanklik te kan werk en in 'n individualistiese styl te kan ontwerp;
- ontwerpvoorleggings op 'n afgeronde en professionele wyse te kan aanbied;
- met kliënte te kan skakel en die ontwerpproses te kan bestuur deur logies en strategies te kan dink;
- druk- en interaktiewe grafiese ontwerpprodukte in 'n Applemac-omgewing te kan ontwerp;
- kennis van relevante kuns- en ontwerpstyle en vormtaalelemente in ontwerpe te kan integreer;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- toepaslike teorieë rondom druk- en interaktiewe grafiese ontwerpprodukte op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer.

GRFO421: PROFESSIONELE PRAKTYK

Pk 1X3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n ontwerpproduk op 'n gevorderde vlak krities te kan evalueer;
- alle ontwerpersmedia met vindingrykheid en oortuiging te kan bemeester om 'n treffende en oorspronklike produk te kan ontwerp;
- onafhanklik te kan werk en in 'n individualistiese styl te kan ontwerp;
- ontwerpvoorleggings op 'n afgeronde en professionele wyse te kan aanbied;
- kennis van relevante kuns- en ontwerpstyle en vormtaalelemente in ontwerpe te kan integreer;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakwetenskaplike teorieë mondeling en skriftelike te kan kommunikeer.

GRFO413: INTERNSKAP I

Pk 1X3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- basiese kennis van die studie van ontwerppraktykvaardighede, byvoorbeeld reproduksietegnieke, toe te kan pas;
- professionele praktykbeginsels te kan demonstreer en toepas;
- effektief met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal in kleingroepe idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer.

GRFO423: INTERNSKAP II

Pk 1X3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- gevorderde kennis van die studie van ontwerppraktykvaardighede, byvoorbeeld reproduksietegnieke, toe te kan pas;
- professionele praktykbeginsels te kan demonstreeer;
- effektief met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses vanaf konseptualiseringfase tot die reproduksiefase suksesvol te kan afhandel;
- in kleingroepe idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer.

ILLUSTRASIEKUNS

GRFI111: ILLUSTRASIEKUNS: BASIESE TEKENKUNSTEGNIEK 1

Pk 1x3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die kreatiewe potensiaal en eiesoortige karaktereienskappe van 'n wye reeks illustrasiemediums te ken en instaat te wees om dit dienooreenkomstig in 'n illustrasie toe te pas;
- 'n verskeidenheid arseertegnieke te kan bemeester en kreatief in 'n illustrasie te kan toepas;
- 'n perseptueel akkurate waarnemingstudie te doen en natuurgetroue uitbeelding van 'n driedimensionele objek op 'n twee-dimensionele vlak uit te voer;
- kennis van relevante kuns- en ontwerpstyle sowel as vormtaalelemente in illustrasie te kan integreer;
- die vormtaalelemente van lyn, komposisie, vorm, tekstuur, ruimte en perspektief suksesvol in 'n illustrasie te kan implementeer;
- die beginsels van menslike anatomie te begryp en daarvolgens 'n menslike figuur in die korrekte proporsionele en anatomiese verhoudings oortuigend te kan uitbeeld;
- teorieë rondom illustrasiekuns op 'n visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer.

GRFI121: ILLUSTRASIEKUNS: BASIESE SKILDERKUNSTEGNIEKE

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- kennis van die beginsels van visuele vormtaalelemente soos kleur, komposisie, styltegniek en vormuitbeelding in skilderkunstige media te kan toepas;
- 'n vermoë tot illusionêre ruimte-uitbeelding te kan toon deur perspektiefbeginsels prakties te kan illustreer;
- kennis van drie-dimensionele vormgewing en kleurteorie te kan illustreer;
- simboliese vertolking deur middel van kreatiewe toepassing van skilder media te kan uitvoer;
- 'n verskeidenheid kreatiewe styltegnieke te kan toepas;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- teoretiese uitgangspunte rondom skilderkunstegnieke op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer.

GRFI211: ILLUSTRASIEKUNS: KREATIEWE TEGNIEKE – DRUKGRAFIKA EN TEKENKUNS

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- verskeie korporatiewe toepassings van illustrasiekuns soos mediese, tegniese, promosionele, redaksionele en verhalende illustrasie in 'n variasie van media te kan uitvoer;
- 'n illustrasie vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel te skep;
- 'n verskeidenheid illustratiewe media met selfvertroue te beheers;
- deur middel van kreatiewe konseptualisering 'n gegewe ontwerpprobleem te kan oplos en uitvoer;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- teorieë rakende skilder- en drukgrafiese tegnieke op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer.

GRFI221: ILLUSTRASIEKUNS: KREATIEWE TEGNIEKE – DRUKGRAFIKA EN SKILDERKUNS

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- gevorderde anatomiestudie te kan uitvoer in verskeie illustratiewe media;
- argitektoniese/ interieur- en verhalende illustrasie te kan uitvoer;
- tipografie en illustratiewe beeld suksesvol te kan kombineer in 'n ontwerp-toepassing;
- botaniese/wetenskaplike illustrasies in 'n verskeidenheid van media uit te voer;
- gevorderde tegniese illustrasie oortuigend te kan uitvoer;
- rekenaarmatige illustrasietegnieke te kan toepas;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- teorieë rakende gevorderde skilder- en drukgrafiese tegnieke op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer.

GRFI311: ILLUSTRASIEKUNS: TOEGEPASTE ILLUSTRASIE

Pk 1x3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- illustrasies van 'n gevorderde tegniese standaard vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel uit te voer;
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakteoretiese uitgangspunte rondom toegepaste illustrasie op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer;
- alle illustrasiemediums en - materiale met behendigheid en estetiese sensitiwiteit te beheers;
- 'n sensitiwiteit ten opsigte van die tyd- en kultuurgees waarin geskep word te demonstreer;
- 'n hoë vlak van visuele geletterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreer;
- die tegniese en konseptuele problematiek van 'n praktykgerigte illustrasieopdrag te begryp en 'n toepaslike, oorspronklike oplossing daarvoor te vind;
- om ingeligte en toepaslike keuses uit te oefen ten opsigte van die mees geskikte medium waarin 'n opdrag uitgevoer moet word;
- 'n individuele illustrasiestyl te ontwikkel ten opsigte van tegniek en kreatiewe benadering.

GRFI321: ILLUSTRASIEKUNS: DIGITALE ILLUSTRATIEWE TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die rekenaar as illustrasiemedium te benut en digitale tegnieke kreatief te manipuleer
- binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- teorieë rakende digitale illustratiewe toepassings op 'n, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- om 'n individuele styltegniek in sy of haar illustrasiekuns te demonstreeer;
- alle illustrasiemediums met oortuiging te beheers en die kreatiewe potensiaal van elke medium te optimaliseer;
- om op 'n onafhanklike wyse oorspronklike illustratiewe materiaal vir 'n gegewe markgerigte konteks te konseptualiseer en uit te voer;
- om oorspronklike fotografiese verwysingsmateriaal te genereer en op vindingryke wyse vir die uitvoering van illustrasies te benut;
- om handvaardige illustrasies op kreatiewe wyse rekenaarmatig te manipuleer en suksesvol met tipografie te integreer;
- kennis van relevante kuns- en ontwerpstyle sowel as vormtaalelemente in illustrasiekuns te kan integreer;
- 'n hoë vlak van visuele geleterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreeer.

KOMMUNIKASIESTUDIES

KOMS111: INLEIDING TOT MASSAKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n breë begrip te hê van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie;
- kennis te dra van enkele teoretiese gesigshoeke op die veld van massakommunikasie;
- 'n kritiese ingesteldheid te hê jeens massakommunikasie; en
- 'n oorsigtelike kennis te kan demonstreeer van die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika.

KOMS112: INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die kommunikasieproses oorsigtelik te kan beskryf;
- die proses van interpersoonlike kommunikasie te verstaan met verwysing na persepsies, verbale kommunikasie, nie-verbale kommunikasie, luister en interpersoonlike verhoudings;
- verskillende interpersoonlike kommunikasiestyle te kan identifiseer; en
- die verskillende konflikbestuurstrategieë binne interpersoonlike kommunikasie situasies te kan identifiseer en toepas.

KOMS121: INLEIDING TOT JOERNALISTIEK

Pk 1x3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student

- 'n oorsigtelike teoretiese kennis en begrip te kan demonstreeer van die konteks en funksies van die joernalistiek;
- kennis te dra van die take van 'n redakteur, verslaggewer en subredakteur;
- die normatiewe dimensie van joernalistiek te begryp en te kan aantoon watter implikasies dit vir die waardegedrewe mediapraktisyn kan hê;

- te kan verduidelik hoe 'n koerant, tydskrif en radiostasie funksioneer;
- te kan aantoon wat die verskillende tipes joernalistieke skryfwerk (vir gedrukte media en radio) behels en 'n basiese vaardigheid daarin kan demonstreer; en
- die basiese riglyne vir die neem van koerantfoto's te kan verduidelik.

KOMS122: KLEINGROEPKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n oorsig rakende die funksionering van kleingroepkommunikasie te kan gee;
- die verdeling van die rolle en doelwitte binne kleingroepe te kan verduidelik;
- die dinamika van leierskap uit te spel;
- effektiewe kommunikasie binne kleingroepe te kan beskryf en ontleed;
- luistervaardighede en terugvoer te kan verduidelik;
- effektiewe probleemoplossing en konflikthantering te kan beskryf; en
- te kan verduidelik watter vaardighede nodig is om effektiewe vergaderings te hou.

KOMS123: OORREDINGSKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis en insig oor die rol van oorredingskommunikasie in verskeie kommunikasiekontekste te kan toon;
- die belangrikheid van oorreding in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing te kan bespreek;
- die rol van die oorreding in die massamedia te kan beskryf;
- begrip van die gebruik en misbruik van simbole in oorredingsboodskappe te toon;
- etiese oorwegings in oorredingsituasies te kan bespreek; en
- die belangrikheid van oorreding in veldtogte en massabewegings te kan verduidelik.

KOMS211: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: SKAKELWERK

Pk 1x3 2:1

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die verskillende teorieë (insl. simmetriese tweerigtingkommunikasie) wat binne korporatiewe kommunikasie gebruik word, te verstaan;
- die breë temas van korporatiewe kommunikasie (o.m. interne kommunikasie, korporatiewe identiteit en beeld, sosiale verantwoordelikheid en krisiskommunikasie) te kan identifiseer en binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan plaas;
- begrip te demonstreer vir die plek van diverse skryfvaardighede binne die korporatiewe konteks of in die mediapraktyk; en
- basiese vaardighede te kan toon in die skryf van onder meer sakememoranda, toesprake en sakebriewe.

KOMS212: INLEIDENDE KOMMUNIKASIE-ETIEK EN -REG

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- begrip te toon van die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika uitgeoefen word;
- 'n oorsigtelike kennis en begrip te toon van die etiese probleme waarmee mediapraktisyns te make kry ;
- te kan aantoon hoe hierdie etiese kwessies met behulp van verskillende etiese kodes gehanteer kan word;
- kennis te dra van die beperkinge wat in die verlede op die media geplaas is of steeds geplaas word;
- kennis en begrip te toon van die beperkinge wat deur die gemeneereg op die media geplaas word,

- kennis en begrip te toon van kopieregwetgewing en hoe dit die mediapraktisyn raak;
- kennis en begrip te toon van verbruikersregte en hoe die mediapraktisyn dit kan ondersteun; en
- te kan aantoon hoe die etiek en reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word.

KOMS213: KORPORATIEWE MEDIA: PUBLISERING

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis te kan demonstreer van publiserings in die algemeen en van die verskillende soorte publikasies in 'n korporatiewe omgewing;
- digitale media vir publiserings te kan gebruik;
- kennis te kan demonstreer van die aard en eienskappe van Desktop Publishing (DTP);
- basiese kennis te kan demonstreer van tipografie en bladuitleg en hoe dit in 'n DTP-omgewing toegepas kan word; en
- bladuitleg te kan doen vir verskillende publikasies.

KOMS215: KORPORATIEWE MEDIA: INLEIDENDE TEORIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- verband tussen Korporatiewe Kommunikasie en Korporatiewe Media te kan beskryf;
- te kan onderskei tussen die verskillende tipes korporatiewe, nuwe en tradisionele media;
- die agtergrond en ontstaan van nuwe media te begryp;
- die invloed en implikasies van globalisering op ons leefwêreld en korporatiewe media te kan omskryf;
- kommunikasieteorieë en interaktiwiteit te omskryf en prakties op korporatiewe media te kan toepas.

KOMS221: INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n onderskeid te kan tref tussen die eienskappe van die kommunikasie van tradisioneel Westerse (Eurosentriese) en nie-Westerse (Afrosentriese) kulture, sowel as kulture van ander wêrelddele;
- interkulturele kommunikasie in die breë Suid-Afrikaanse konteks van die media- en kommunikasiebedryf te kan toepas;
- die rol van identiteit in die post-koloniale konteks van Suid-Afrika te kan beskryf;
- kulturele diversiteit by die hantering van interkulturele konflik te kan verduidelik;
- kulturele kodering in ag te kan neem in die beplanning van kommunikasieintervensies; en
- sensitiwiteit vir die rol van interkulturele kommunikasie in 'n kultureel diverse konteks te demonstreer.

KOMS222: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: INTERN

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student

- 'n deeglike begrip te kan toon van die basiese teoretiese uitgangspunte van interne kommunikasie;
- die rol en funksie van kommunikasie as strategiese bestuursmeganisme te kan omskryf; en
- die rol van interne kommunikasie in die prosesse van verandering, leierskap, konflikhantering en kennisbestuur in die organisasie te kan beskryf.

KOMS223: KORPORATIEWE MEDIA: WEBBLADONTWIKKELING (REDIGEERDERS)

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- verskeie soorte webbladsye binne die korporatiewe omgewing te kan identifiseer en beplan;
- webbladsye op verskillende webbladredigeerders te kan opmaak; en
- verskillende webgrafika, -animasie en basiese webprogrammering te verstaan en te kan toepas.

KOMS311: BEELDESTETIKA

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die aard, werking en onderliggende tegnologie van geselekteerde visuele media te kan verduidelik;
- estetiese dimensies soos lig, kleur, komposisie en diepte in visuele beelde te kan ontleed en dit in basiese fotografiese genres toe te pas; en
- druk- en seleksievereistes ten opsigte van geselekteerde publikasies te kan demonstreer.

KOMS312: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Pk Punt vir eksamenprojek is eksamenpunt 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student

- die deelnemende benadering binne die studieveld van ontwikkelingskommunikasie, spesifiek met betrekking tot die media, krities te kan bespreek;
- kennis te dra van die gebruik van "klein media" in die Suid-Afrikaanse samelewing;
- die vermoë te hê om 'n kommunikasiestrategie vir gemeenskapontwikkelingsprojekte te kan formuleer; en
- in staat te wees om argumente duidelik te kan formuleer en voor medestudente te kan ontplooi.

KOMS313: SPRAAKKOMMUNIKASIE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die basiese beginsels van effektiewe spraakkommunikasie te kan weergee; en
- die vermoë hê om kort openbare inligtings- en oordringstoesprake te hou.

KOMS314: KORPORATIEWE MEDIA: INTERAKTIEWE MULTIMEDIA

Pk Punt vir eksamenprojek is eksamenpunt 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die verskillende vorme van multimedia en kommunikatiewe gebruike daarvan te ken en kan weergee;
- 'n kommunikasie-aanbieding deur storyboarding te kan beplan en met behulp van multimediaprogramme te ontwerp en aan te bied;
- kennis te dra van multimedia en interaktiwiteit en hoe om dit ontwerpmatig te kan toepas;
- basiese gebruik van sagteware vir multimedia en animasie te kan demonstreer; en
- 'n interaktiewe cd met multimedia te kan saamstel.

KOMS315: KORPORATIEWE MEDIA: MEDIABETREKKINGE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van goeie

- mediabetrekkings;
- te kan aantoon hoe die media in breë trekke funksioneer en hoe die verskillende korporatiewe media optimaal binne mediabetrekkings aangewend kan word;
- mediaverklarings te kan skryf, gegrond op die basiese beginsels van die joernalistiek; en
- 'n eenvoudige mediapakke te kan saamstel.

KOMS321: KORPORATIEWE BEMARKINGSKOMMUNIKASIE-BESTUUR

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die grondbeginsels van bemarkingskommunikasie te kan verduidelik;
- te kan aantoon hoe die Suid-Afrikaanse bemarkingskonteks lyk; en
- in 'n bemarkingskommunikasieveldtog te kan beplan met gebruikmaking van die verskillende media (druk- en elektroniese media) en metodes (bv. reklame, promosies, direkte bemarking).

KOMS323: POLITIEKE KOMMUNIKASIE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die belangrikste teoretiese en filosofiese uitgangspunte met betrekking tot politieke kommunikasie in Suid-Afrika krities te kan bespreek;
- 'n verkiesingsveldtog in 'n ontwikkelende samelewing te kan beplan en ontwikkel;
- 'n kommunikasie-strategie met betrekking tot onderhandeling en steunwerwing te kan voorberei en toepas; en
- argumente op 'n logiese wyse voor mede-studente te kan ontwikkel en verdedig.

KOMS324: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis kan demonstree van die wetenskaplike bestudering van kommunikasie en die belangrikste metodologiese paradigmas te kan verduidelik;
- die verband tussen teorie en navorsing te kan verduidelik en dit te kan toepas in die beplanning van 'n navorsingsprojek; en
- kennis te demonstree van die toepassing en gebruikswaarde van die volgende navorsingsmetodes: historiese navorsing, marknavorsing, meningspeilings, eksperimentele navorsing en inhoudsanalise.

KOMS325: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: JOERNALISTIEK

Pk Punt vir eksamenprojek is eksamenpunt 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis en begrip te toon van die plek, belang, omvang en vereistes van personeelblaie;
- die skryf, samestelling en rekenaarmatige uitleg (DTP) van bydraes vir 'n personeelblad te kan doen; en
- te kan aandui hoe verskillende soorte korporatiewe media binne hierdie konteks aangewend kan word.

KOMS326: KORPORATIEWE MEDIA: MULTIMEDIA

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die konsep van mediakonvergensie te verstaan en te kan toepas in 'n multimedia-agtergrond;
- die verskillende vorme van multimedia en hoe dit gebruik kan word in 'n

- korporatiewe omgewing te ken en kan weergee;
- 'n kommunikasie-aanbieding te kan beplan en met behulp van multimediaprogramme te ontwerp en aan te bied;
- kennis te dra van multimedia en webpublisering en –bestuur en dit te kan toepas; en
- 'n korporatiewe webblad te kan beplan en ontwerp met die gebruik van multimediahulpmiddels.

KOMS327: VIDEO: VOORPRODUKSIE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die aard en werking van video (beeld en klank) te kan verduidelik;
- doelgerigte navorsing en verkenningstogte ten opsigte van videoproduksies te kan doen;
- voorstelvereistes van uitsaaiers te kan vertolk en voorstelle te formuleer;
- hanterings van videoproduksies te kan saamstel;
- draaiboeke vir korporatiewe en dokumentêre video's te kan skryf; en
- produksiebegrotings te kan saamstel.

KOMJ412: JOERNALISTIEK : MEDIA EN SAMELEWING

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- deeglike kennis en begrip te kan demonstree van die veranderende konteks waarin Suid-Afrikaanse joernaliste funksioneer; en
- kennis en begrip te toon van teoreties-filosofiese kwessies soos media-effekte, media en demokrasie, kritiese teorieë en die joernalis as meningvormer.

KOMJ423: MEDIAREG EN ETIEK

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n deeglike begrip te kan demonstree van die etiese probleme waarmee die joernalis te doene kry en hoe om dit te hanteer;
- te kan aantoon watter etiese kodes joernaliste se werk wêreldwyd rig;
- belangrike gevalle wat in die jongste jare deur die Persombudsman van Suid-Afrika en interne ombudsmanne gehanteer is krities te kan bespreek;
- 'n deeglike begrip te demonstree van die grondwetlike konteks waarbinne mediapraktisyne in Suid-Afrika funksioneer en die implikasies daarvan vir die joernalistiek; en
- die feite rakende belangrike medialastersake te kan weergee en die beginsels van mediareg te kan toepas.

KOMJ471 JOERNALISTIEK: PRAKTYK EN TOEPASSING

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis en vaardighede te kan demonstree in die skryf van verskillende tipes berigte, artikels en opskrifte vir die gedrukte media;
- subwerk te kan verrig soos van 'n intreejoernalis verwag kan word;
- elektroniese bladopmaaktegnieke te kan demonstree in die uitleg van 'n koerant en tydskrif;
- vaardigheid te kan demonstree in die skryf en saamstel vir nuusbuletins; en
- bruikbare foto's vir 'n gemeenskapskoerant te kan neem.

KOMK411: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIEBESTUUR

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die algemene meta-teorieë van toepassing op korporatiewe kommunikasie te kan begryp en toepas;
- korporatiewe kommunikasiestrategieë en -planne te kan opstel, integreer, implementeer en te kan bestuur;
- die rol van die korporatiewe kommunikasiepraktisyn te kan verduidelik; en
- aanbevelings te kan maak oor die bestuur van interne kommunikasie, krisiskommunikasie en korporatiewe beeld en identiteit.

KOMK421: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIEBESTUUR: KONTEKS EN TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die vereistes van goeie belangegroepbestuur te kan verduidelik;
- te kan aantoon hoe korporatiewe kommunikasie vir die onderneming tot voordeel strek;
- metodes van korporatiewe kommunikasie te begryp;
- te kan aandui wat die plek en doel van bemakingstegnieke binne korporatiewe kommunikasie is;
- 'n besigheidsoriëntasie tot korporatiewe kommunikasie te kan toepas;
- kennis te kan demonstree van rekenaarpakkette wat in die bestuur van korporatiewe kommunikasie gebruik kan word;
- begrip te kan toon van die beperkinge en geleenthede in die korporatiewe kommunikasieberoepswêreld;
- te kan aantoon hoe kommunisieteorieë en -vaardighede op 'n holistiese wyse gebruik kan word om uitnemende korporatiewe kommunikasiebestuur binne die Suid-Afrikaanse konteks bedryf kan word.
- 'n professionele CV en persoonlike portefeulje te kan saamstel met die oog op werkaansoek; en
- kennis en begrip te toon van etiese kodes in die kommunikasiepraktyk asook bewys te lewer van 'n aanvaarbare houding jeens die kommunikasiepraktyk.

KOMK422: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: MONDELINGE VOORLEGGINGS

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- hoorbaar, verstaanbaar en met oortuiging mondeling in 'n kleingroep en in die openbaar te kan kommunikeer; en
- 'n mondelinge voorlegging te kan doen.

KOMM471: KORPORATIEWE MEDIA: SKRYFWERK

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van personeelblaie, brosjures, jaarverslae, ens.;
- vaardig te wees in die skryf van mediaverklarings, berigte en artikels vir personeelblaie;
- vaardig te wees in die samestelling van rekenaarmatige uitleg (DTP) van 'n personeelblad, brosjures, jaarverslae, ens.;
- verskillende soorte korporatiewe media 'n binne 'n korporatiewe skryfkonteks te kan toepas.

KOMM412: KORPORATIEWE MEDIA: TEORETIESE GRONDSLAE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die oorsprong en geskiedenis van nuwe media te verstaan, die belangrike konsepte en terminologie te ken en die unieke eienskappe daarvan te kan beskryf;
- die implikasies van nuwe media vir die teorie van kommunikasie te kan verduidelik, sowel as die rol van interaktiwiteit as kenmerk van nuwe media te kan bespreek;
- die sosiale, institusionele en kulturele gevolge van nuwe mediaontwikkeling te verstaan en die sosiologiese, kritiese en internasionale gevolge daarvan te kan verduidelik;
- die konsep globalisasie te kan verduidelik, sowel as die verhouding daarvan tot nuwe media;
- die implikasies van nuwe media op die praktyk van korporatiewe kommunikasie te kan verduidelik;
- standpunt te kan inneem vir of teen die gebruik van nuwe media vir ontwikkelingsdoeleindes in Afrika; en
- etiese en wetlike aspekte in die gebruik van nuwe media te verstaan en te kan evalueer.

KOMM472: KORPORATIEWE MEDIA: TOEGEPASTE WEBBLADPUBLISERING EN –BESTUUR

Pk Punt vir eksamenprojek is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- korporatiewe webblaai met verskillende sagteware te kan skryf, ontwerp, publiseer en bestuur;
- begrip te toon van die verwantskap tussen die korporatiewe webblad en ander korporatiewe media;
- CMS en inligtingsbestuur te verstaan en toe te pas;
- opdatering en ontwikkeling van die digitale weergawe van 'n inhuishoer te doen;
- interaktiewe multimedia by webblaai te kan inkorporeer;
- 'n portefeulje in interaktiewe cd-formaat te kan saamstel, en.
- 'n webblad strategies te kan bestuur.

KOMN471 TOEGEPASTE KOMMUNIKASIEAVORSING

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n navorsingsvoorlegging vir die doeleindes van marknavorsing binne 'n korporatiewe omgewing op 'n wetenskaplike en professionele manier op te stel en aan 'n kliënt voor te dra;
- verskillende soorte steekproewe te kan trek;
- verskillende soorte kwalitatiewe en kwantitatiewe meetinstrumente vir die doeleindes van marknavorsing te kan opstel;
- kwalitatiewe en kwantitatiewe data-insamelingsmetodes vir die doeleindes van marknavorsing te kan toepas;
- eenvoudige statistiese verwerking en interpretasie van marknavorsingsdata te kan uitvoer; en
- 'n wetenskaplike navorsingsverslag te kan skryf en professioneel aan 'n kliënt voor te dra.

KOMO411: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- ontwikkelingskommunikasiebeginsels en praktyke te kan ontleed en toe te pas binne die konteks van regerings- en nie-winsgewende organisasies;

- korporatiewe sosiale investering binne die konteks van ontwikkelingskommunikasie te kan verduidelik en te implementeer;
- etiese kwessies binne die konteks van ontwikkeling te kan beskryf en te evalueer.

KOMO412: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: FUNDAMENTELE UITGANGSPUNTE

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die belangrikste teorieë binne die vakgebied van ontwikkelingskommunikasie te kan identifiseer en krities te evalueer; en
- bogenoemde teorieë binne spesifieke ontwikkelingskontekste (bv. vroue, gesondheid, landbou) te kan toepas en sodoende ook bestaande ontwikkelingsprogramme te kan evalueer.

KOMO471 GEVORDERDE ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- die belangrikste navorsingsmetodes in ontwikkeling te kan gebruik om 'n profiel van die politieke, ekonomiese en maatskaplike eienskappe van 'n ontwikkelende gemeenskap op te stel en die implikasies daarvan vir ontwikkelingsprojekte aan te dui;
- opleidingwerkwinkels te kan beplan en te fasiliteer;
- 'n kommunikasieplan vir 'n ontwikkelingsprojek te kan ontwikkel;
- voorleggings aan organisasies/individue te kan maak ten einde fondse vir ontwikkelingsprojekte te werf;
- die basiese beginsels van projekbestuur te kan toepas om vanuit 'n kommunikasieperspektief 'n ontwikkelingsprojek te beplan, ontwikkel, bestuur en om waar nodig aanpassings en voorstelle te maak; en
- om voorstelle te maak wat die volhoubaarheid van projekte in die ontwikkelingsgemeenskap kan verhoog.

KOMV471 VIDEOPRODUKSIE

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om

- die etiese en regsimplikasies van digitale klank- en beeldmanipulering te verstaan en probleemgevalle in natuurhistoriese dokumentêre films te identifiseer;
- die redaksionele en etiese kodes van verskillende natuurhistoriese uitsaaiers en kanale onderling met mekaar te vergelyk;
- produksie- en naproduksiebeginsels te ontleed en toe te pas aan die hand van audiovisuele estetika;
- die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-onderhoud verfilm volgens die omkeermethode te kan uitvoer;
- die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-demonstrasie wat voldoen aan die vereistes van kontinuïteitsredigering te kan uitvoer;
- die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-nuusinsetsel wat die elemente van na-kamera-aanbieding, vertelling, *vox pops* en visuele sekswense bevat te kan uitvoer;
- die opname, redigering en finale meng van 'n hoorbeeld te kan uitvoer;
- die opname, redigering en finale meng van 'n multi-kamera musiekvideo te kan uitvoer;
- die opname, redigering en finale meng van 'n kliëntgekoppelde korporatiewe video te kan uitvoer.

KOMV423: FILMTEORIE EN -KRITIEK

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- basiese terminologie ten opsigte van rolprentteorie en visuele geletterdheid te verstaan en tot toepassing kan bring in die skryf van filmresensies;
- styl en geskiedkundige ontwikkelinge binne die rolprentwese met fokus op die dokumentêre rolprent te kan bespreek en beskryf, en om beskrywende analities 'n toepaslike aantal voorbeelde van rolprente as kunsvorm met vaardigheid en insig op sowel mondelinge as skriftelike vlak te kan bespreek; en
- rolprentgeskiedenis, genretipes en stylteoretiese benaderings by wyse van mondelinge en skriftelike verslaglewering te kan bespreek, analiseer en te evalueer en toe te pas in filmkritiek.

KUNSGESKIEDENIS

KSGS111: INLEIDENDE KUNSGESKIEDENIS: KUNSGESKIEDENIS AS WETENSKAP; KUNSWAARDERING

PK 1X2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- navorsing te kan doen ten einde 'n referaat te kan skryf;
- 'n probleemstelling, doestelling(s) en sentrale teoretiese stelling(s) te kan formuleer;
- die vormtaal van die visuele kunste, met inbegrip van die grondbeginsels, vormaalelemente en konstituanten van die visuele kennis te verstaan en toe te pas;
- oorsigtelike kennis van filosofiese strominge en denkraamwerke wat 'n invloed op die visuele kunste gehad het te kan beskryf;
- modelle in die kunsgeskiedenis en te kan weergee en te kan toepas.

KSGS112: DIE KUNSTE VAN ANTIEKE KULTURE EN AFRIKA

Pk 1X2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die basiese stylydperke binne die kunsgeskiedenis vanaf prehistoriese tye tot vandag te kan beskryf;
- die beeldhoukuns en ander driedimensionele objekte vanaf die steentydperk tot die Romeinse periode te kan interpreteer en beskryf, asook die kuns van verskeie ander antieke kulture en Afrika.

KSGS121: KUNSGESKIEDENIS : KUNS VAN DIE MIDDELEEUE, RENAISSANCE TOT BAROK

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die stylhistoriese en konstekstuele sake rondom die visuele kunste van die Middeleeue, Renaissance en Barok te verstaan en te beskryf;
- kunswerke formeel te kan beskryf en analiseer aan die hand van vorm, idee en inhoud, asook die konstitutiewe beginsels soos ritme, balans en harmonie te kan toepas;
- insig te toon in die toepaslike gebruik van die metodologiese ondersoek van kunswerke van die Renaissance en Barok soos uiteengesit deur Wölfflin;
- die lewensbeskoulike basis van die visuele kunste en die filosofiese grondslae van kunshistoriese bydraes bloot te lê.

KSGS211: WÊRELDKUNS EN WÊRELDKULTURE

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die visuele kunste van geselekteerde wêreldkulture insluitende Afrika, Indië, die Verre Ooste, Meso- en Suid-Amerika te kan beskryf;
- in staat te wees om hierdie kunswerke vanuit 'n kulturele perspektief te beskryf, te analiseer en te evalueer;
- kennis te dra van die ideëgeskiedenis en die metodologie onderliggend tot elk van hierdie wêreldkulture te kan toepas;
- insig te toon in die toepaslike ontwikkeling van grafiese ontwerpkunste binne die genoemde wêreldkulture en te kan aantoon.

KSGS221: KUNSGESKIEDENIS : NEGENTIENDE-EEUSE VISUELE KUNSTE EN IDEËGESKIEDENIS

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- kennis te dra van die stylhistoriese en kontekstuele gebeure van die visuele kunste van die negentiende eeu en te kan beskryf;
- die invloed van visuele kunste op die ontwikkeling van grafiese ontwerp bloot te lê;
- die wyses waarop ideëgeskiedenis vanuit 'n filosofiese en vakmetodologiese hoek die visuele kunste van die negentiende eeu beïnvloed het te kan beskryf;
- kunwerke uit die negentiende eeu te kan beskryf en volgens bepaalde modelle te kan analiseer en evalueer.

KSGS311: KUNSGESKIEDENIS : TWINTIGSTE-EEUSE KUNS I

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die stappe in die rigting van moderne kuns te kan aantoon en te kan beskryf;
- die invloed van sosio-maatskaplike omstandighede op moderne kuns gedurende die periode 1900-1950 te kan beskryf;
- die toepaslike denkstrominge binne die modernisme aan die hand van vakverwante metodologie en kunsteoretiese benaderings te kan omskryf en verduidelik, asook 'n prinsipiële standpunt ten opsigte van denkstrominge te kan inneem;
- verbaal sowel as skriftelik verslag te doen van tersaaklike lokaliteite, stylneigings en avant-garde-tendense tot ±1950;
- die invloed van die visuele kunste op die ontwikkeling van grafiese ontwerp te kan aantoon en verduidelik;
- kunswerke op gevorderde vlak te kan analiseer, interpreteer en evalueer.

KSGS321: KUNSGESKIEDENIS : TWINTIGSTE-EEUSE KUNS II

Pk 1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- hul grondige kennis van kontemporêre teorieë en metodologies-teoretiese aspekte binne die visuele kunste te kan beskryf;
- verbaal sowel as skriftelik verslag te doen van alle gevorderde aspekte van die vakgebied soos byvoorbeeld tersaaklike lokaliteite, stylneigings en kontemporêre tendense;
- die oeuvres van geselekteerde kunstenaars te kan beskryf;
- die invloed van die visuele kunste op grafiese ontwerp te kan aantoon;
- kunswerke ná 1950 op gevorderde vlak te kan interpreteer en evalueer.

MUSIEK

MUSB317: KUNSTEBESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die basiese beginsels van kunstebestuur te begryp en in die beplanning van 'n artifiële kunste-gebeurtenis toe te pas.

MUSB327: KUNSTEBESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde prosedures ten opsigte van kunstebestuur (insluitend fondswerwing) in die gemeenskap toe te pas.

MUSC311: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die Finale en Sibelius musieknotasieprogramme effektief te kan gebruik, en die beginsels van musieknotasie te kan toepas in die voorbereiding en druk van 'n volledige partituur;
- musiektegnologie in onderrigstudies sinvol kan aanwend en die rol van musieknotasie in musiekopvoeding kan bespreek deur middel van 'n verskeidenheid media;
- die belangrikste teoretiese beginsels van die MIDI-spesifikasie en digitale musiekprosessering te begryp en toe te pas.

MUSC317: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die Finale en Sibelius musieknotasieprogramme effektief te kan gebruik, en die beginsels van musieknotasie te kan toepas in die voorbereiding en druk van 'n eenvoudige partituur;
- musiektegnologie in onderrigstudies sinvol kan aanwend;
- eenvoudige teoretiese beginsels van die MIDI-spesifikasie en digitale musiekprosessering te begryp en toe te pas.

MUSC321: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die estetiese kwessies rondom die aanwending van musiektegnologie in musiekuitvoerings en komposisie in aanmerking te neem tydens die beplanning en aanbieding van 'n verskeidenheid musikale aktiwiteite;
- 'n multimedia voorstelling oor 'n spesifieke aspek van hierdie onderwerpe kan produseer en aanbied;
- 'n klankopname van beperkte omvang deur middel van digitale musiekprosessering te produseer.

MUSC411: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om meer gevorderde beginsels van digitale musiekprosessering te begryp en prakties toe te pas.

MUSC421: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om komplekse klankopnames deur middel van digitale musiekprosessering te produseer. Die klankopnames sal die student se eie skeppende werk insluit.

MUSG111: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die stylkenmerke en ontwikkeling van musiek in die Middeleeue, Renaissance en Barok te begryp en aan die hand van verteenwoordigende komponiste en komposisies te bespreek.

MUSG121: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die stylkenmerke van Klassieke en vroeg-Romantiese musiek te begryp, met inagneming van die filosofiese beskouings tydens die agtiende eeu en die politieke en sosiale omstandighede van die tyd;
- stylkenmerke van die Klassieke en vroeg-Romantiek in verteenwoordigende werke aan te dui.

MUSG211: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die stylkenmerke van Romantiese musiek te begryp, met inagneming van die filosofiese beskouings tydens die negentiende eeu en die politieke en sosiale omstandighede van die tyd;
- stylkenmerke van die Romantiek in verteenwoordigende werke aan te dui.

MUSG217: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- belangrike gebeure in die lewe en invloede op die werke van enkele Barok-komponiste te identifiseer en kortliks te beskryf;
- na werke uit die Baroktydperk te luister, en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer, en met ander musiektydperke te vergelyk.

MUSG221: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die musiek van die twintigste en een-en-twintigste eeu te begryp en sinvol daaroor te kan kommunikeer.

MUSG227: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die stylkenmerke van Klassieke musiek oorsigtelik te verduidelik, met inagneming van die filosofiese beskouings tydens die agtiende eeu, en die politieke en sosiale omstandighede van die tyd;
- na werke uit die Klassieke tydperk te luister en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer.

MUSG311: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG313: MUSIEKKRITIEK

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om kritiese denke toe te pas ten opsigte van die filosofiese en joernalistieke dokumente van die musiekwetenskap.

MUSG318: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die stylkenmerke van Romantiese musiek oorsigtelik te verduidelik, met inagneming van die algemene kenmerke van Romantisme tydens die negentiende eeu, en politieke en sosiale omstandighede van die tyd;
- na werke uit die Romantiek te luister en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer.

MUSG321: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG327: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die stylontwikkeling in musiek sedert die begin van die twintigste eeu kortliks te beskryf;
- verteenwoordigende werke uit hierdie tydperk te herken en in konteks te bespreek.

MUSG328: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die ontstaan en ontwikkeling van jazz te begryp;
- die ontstaan en ontwikkeling van populêre musiek te begryp.

MUSG411: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG413: MUSIEKKRITIEK

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om kritiese denke te demonstreeer in die skryf van programnotas en resensies van openbare konserte.

MUSG421: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSH171: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- eenvoudige ritmiese en eenstemmige melodiese frases te kan noteer en intervalle, modi en ander toonreekse te kan herken;
- toontrefoefeninge, toonreekse, intervalle en bladsangoefeninge op solfa te kan sing;
- onvolledige, volledige en uitgebreide kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort met gebruikmaking van die dominant vierklank aan die klavier te kan realiseer.

MUSH271: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- moeiliker ritmes, een- en tweestemmige melodiese frases te kan noteer en intervalle, toonreekse en drieklanke te kan herken;
- toonreekse, intervalle, drieklanke en bladsangoefeninge op solfa te kan sing;
- harmonisasie van majeur- en mineurtoonlere, gebruik van tussendominante, harmonisering van kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort, asook eenvoudige koraalmelodieë aan die klavier te kan realiseer.

MUSH371: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- gevorderde ritmes, een-, twee- en driestemmige melodiese frases (diatonies, modaal en chromaties) te kan noteer en intervalle, toonreekse en drie- en vierklanke te kan herken;
- toonreekse, vierklanke, intervalle, en bladsangoefeninge in verskillende sleutels met verskeie modulاسies, improvisasie en voltooiing van gegewe voorsinne op solfa te kan sing;
- harmonisasie en voltooiing (ook met modulاسie) van voorsinne en die besyferdebaspraktyk aan die klavier te kan realiseer.

MUSK311: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om 'n verskeidenheid algemene komposisietegnieke op 'n inleidende vlak individueel en in groepsverband te kan toepas.

MUSK321: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om algemene komposisietegnieke in 'n komposisieportefeulje van beperkte omvang te kan toepas.

MUSK411: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde komposisie- en orkestrasie tegnieke te kan toepas.

MUSK421: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde komposisie- en orkestrasietegnieke in 'n portefeulje van komposisies te kan toepas. 'n Gedeelte van die komposisies vervat in die portefeulje moet tydens 'n openbare konsert uitgevoer word.

MUSM411: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die beginsels van navorsing te kan toepas in die skryf van 'n navorsingsvoorstel.

MUSN119: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- ritmiese patrone, melodiese frases en musikale elemente op verskeie maniere vanaf notasie en geheue te reproduseer;
- eenvoudige musikale patrone te herken en ook te noteer met kennis en begrip van die konvensies van musieknotasie;
- die strykinstrumente ouditief en visueel te herken;
- die hout-en koperblaasinstrumente ouditief en visueel te herken; en
- die hout-en koperblaas-instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSN129: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- meerfrasige melodieë, komplekse ritmiese patrone en harmoniese progressies te begryp en op verskeie maniere vanaf notasie en van geheue te reproduseer, te improviseer, en die implikasies daarvan vir onderrig te begryp;
- lesse aan te bied oor die kennis en vaardighede wat tot dusver in die kursus verwerf is;
- die klawerbordinstrumente ouditief en visueel te herken; en
- die slagwerk-instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSO117: MUSIEKOPVOEDING: GROEPMUSIEK

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n aantal liedere van die blad te kan sing;
- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die student in die pre-primêre skoolfase prakties te demonstreer;
- in 'n multikulturele omgewing aan 'n groep studente in die primêre skoolfase liedere en danse aan te leer;
- vaardigheid in die lees van notasie aan die klavier te kan demonstreer;
- eenvoudige melodieë op die blokfluit te kan speel (enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat; C, D, F en G majeur);
- die primêre akkoorde en sommige sekondêre akkoorde op die kitaar te kan speel in die volgende toonaarde: C, D, F en G majeur.
- hom-/haarsel en ander op die kitaar te kan begelei deur middel van "strumming" in enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat.

MUSO118: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese beginsels, doelstellings en doelwitte van musiekopvoedkunde te begryp;
- die basiese vaardighede en aktiwiteite van musiekopvoedkunde te begryp en prakties te demonstreer.

MUSO179: MUSIEKOPVOEDING : KLAVIER

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die tipografie van die klawerbord te bemeester;
- die toonaardstrukture van C, D, E, F, G, A, B, B^b, E^b en A^b majeur, asook a, e, d, g, c en f harmoniese en melodiese mineur op die klawerbord te kan demonstreer;
- chromatiese toonlere op D, A^b, C en D^b te kan demonstreer;
- arpeggios op C en G majeur, asook a mineur te kan demonstreer;
- vingertegniek verder te kan ontwikkel met behulp van vyfvinger- en ander tegniese oefeninge;
- die basiese reëls van vingersetting te verstaan en korrek toe te pas;
- die basiese speelaksies van klavierspel korrek toe te pas;
- die verskil tussen legato en staccato te illustreer;
- stukke in vyfvinger- en uitgebreide handposisies saam hande te kan speel (enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat en saamgestelde tyd; C, G, D, F en A majeur);
- komplekser duette te speel;
- komplekser bladleestegnieke te demonstreer;
- melodieë, volkswysies en korale gespeel deur die regterhand akkoordaal te begelei in die linkerhand (slegs primêre akkoorde in C, G, F en D majeur);
- bogenoemde akkordale begeleiding uit te brei tot walsritmes, alberti-bas en gebroke akkoorde;
- 'n selfstudie, asook 'n snelstudie te speel.

MUSO121: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese beginsels, doelstellings en doelwitte van musiekopvoedkunde te begryp;
- die elemente en aktiwiteite van musiekopvoedkunde in die junior en senior primêre fase te begryp en praktiese te demonstreer.

MUSO122: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x2 1:1

Klavier

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n sinvolle oefenprogram te beskryf en in die praktyk toe te pas;
- die grondbeginsels van 'n goeie klaviertegniek sistematies uiteen te sit;
- repertorium uit alle stylperiodes vir die beginner voor te skryf;
- 'n grondige begrip van die UNISA Gr 1 en 2 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

Sang

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die meganisme van die larinks te kan beskryf;
- die anatomie en fisiologie van asemhaling te kan beskryf en toepas;
- die korrekte postuur en asemhaling vir sang te kan beskryf en toepas;
- die korrekte uitspraak van Italiaans te kan verduidelik en toepas;
- die Gr. IV en V repertorium en algemene reëls van die Unisa praktiese sangeksamens te ken en te kan toepas;
- die voorgeskrewe opera en Ou Italiaanse arias te ken.

Fluit

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n sinvolle oefenprogram te beskryf en in die praktyk toe te pas;
- die grondbeginsels van 'n goeie fluittegniek sistematies uiteen te sit;
- repertorium uit alle stylperiodes vir die beginner voor te skryf;

- 'n grondige begrip van die UNISA Gr 3 en 4-sillabus vir fluiteksamen te illustreer.

Viool

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- uitkomst planmatig te formuleer;
- insig te hê in beginsels van tegniek van vioolspel;
- beginsels van tegniek van vioolspel prakties aan te wend;
- spesifieke meesterwerke vir viool te kan identifiseer;
- beginsels van leer toe te pas wanneer jy oefen;
- spesifieke oefenmetodes aan te wend wanneer jy oefen ;
- te oordeel oor standaard van vioolspel.

Orrel

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese beginsels van orrelbou te kan verduidelik;
- die term "register" te kan definieer en 'n oorsig te kan gee oor die indeling van die registers en dit toe te lig met voorbeelde;
- klankproduksie by labiale en linguale pype te kan beskryf;
- die aksie van 'n sleepplaat-meganiek te kan beskryf;
- die ontstaan en ontwikkeling van die orrel tot en met die Barok te kan bespreek;
- vertrouwd te wees met die repertorium vir die orrelbeginner tot en met Graad IV (Unisa sillabus).

Fagot

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die antieke dubbelrietinstrumente en dié buite Europa te ken en hulle eienskappe te bespreek;
- die dubbelrietinstrumente van die Middeleeue en Renaissance te ken en hulle eienskappe te verduidelik;
- die vroeë ontwikkeling van die fagot tot 1800 te verduidelik;
- die eienskappe van die vroeë fagotriet te bespreek;
- die ontwikkeling van die moderne fagot te verduidelik;
- die fagotte van verskillende groottes te noem en hulle hoofeienskappe te verduidelik;
- die kontrafagot se bou-, speel- en klankeienskappe te verduidelik;
- die hoofeienskappe van ander instrumente wat aan die fagot verwant is, te bespreek.

MUSO127: MUSIEKOPVOEDING : GROEPMUSIEK

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die student in die junior primêre skoolfase prakties te demonstreer;
- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die student in die senior primêre skoolfase prakties te demonstreer;
- in 'n multikulturele omgewing aan 'n groep studente in die primêre skoolfase, liederen en danse aan te leer;
- die lesgeleenthede selfstandig te beplan en aan te bied;
- meer komplekse melodieë in 'n verskeidenheid toonaarde op die blokfluit te kan speel;
- die begrippe intonasie, asembeheer en frasering in blokfluitspel te kan toepas;
- die primêre akkoorde en sommige sekondêre akkoorde op die kitaar te kan speel in die volgende toonaarde: E, A en B majeur;

- hom-/haarself en ander op die kitaar te kan begelei deur middel van “strumming” en “picking” in ’n verskeidenheid ritmiese patrone en in enkelvoudige en saamgestelde tyd.

MUSO128: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die basiese elemente van musiekopvoedkunde te begryp en prakties te demonstreeer.

MUSO211: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die musikale groei en ontwikkeling van die kind te begryp aan die hand van leer- en ontwikkelingsteorieë;
- die huidige graad 8-sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer;
- onderwysstrategieë, metodes en vaardighede te ontwikkel sodat Instrumentale Musiek suksesvol aan ’n sekondêre skool onderrig kan word;
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan blokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in ’n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en ’n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

MUSO212: MUSIEKOPVOEDING: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x2 1:1

Klavier

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die geskiedenis, reëls en metodiek van vingersetting in klavierspel te beskryf en toe te pas;
- die rol van memorisering in klaviermusiek, asook die wyses waarop klaviermusiek gememoriseer kan word, te verduidelik;
- gewoontes wat swak bladlees tot gevolg het, te isoleer;
- wenke ter verbetering van bladlees voor te stel en werke geskik vir bladlees te gradeer;
- die werking van die pedaal te verduidelik, funksionele pedaalgebruik te bespreek en die verskillende tegnieke van pedaalgebruik te definieer en te demonstreeer;
- frasiering en artikulasie in klavierspel te definieer en die verskil tussen beide te verduidelik;
- repertorium van voorgeskrewe komponiste vanaf noot- en luistervoorbeelde te herken;
- ’n grondige begrip van die UNISA Gr. 3 en 4 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

Sang

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese beginsels en menings rakende stemresonansie te ken en te bespreek;
- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die student in die junior primêre skoolfase prakties te demonstreer;
- lesgeleenthede selfstandig te beplan en aan te bied;
- 'n aantal liedere van die blad te kan sing;
- melodieë in 'n verskeidenheid toonaarde op die blokfluit te kan speel;
- vaardigheid in die lees van notasie aan die klavier op verskeie wyses te kan demonstreer;
- die primêre akkoorde en sommige sekondêre akkoorde op die kitaar te kan speel in die volgende toonaarde: C, G, D, F, E, A en B majeur;

- in 'n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en 'n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

MZSO218: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die basiese elemente van musiekopvoedkunde te begryp en prakties te demonstreer.

MZSO227: GROEPMUSIEK

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die student in die senior primêre skoolfase prakties te demonstreer;
- lesgeleenthede selfstandig te beplan en aan te bied;
- 'n aantal liedere van die blad te kan sing;
- die begrippe intonasie, asembeheer en frasering in blokfluitspel te kan toepas;
- vaardigheid in die lees van notasie aan die klavier op verskeie wyses te kan demonstreer;
- hom-/haarself en ander op die kitaar te kan begelei deur middel van “strumming” en “picking” in 'n verskeidenheid ritmiese patrone en in enkelvoudige en saamgestelde tyd in die volgende toonaarde: C, G, D, F, E, A en B majeur.
- in 'n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en 'n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

MZSO228: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om die basiese elemente van musiekopvoedkunde te begryp en prakties te demonstreer.

MZSO279: MUSIEKOPVOEDING : KLAVIER

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die toonaardstrukture van C, D, E, F, G, A, B, B^b, E^b en A^b majeur, asook a, e en d harmoniese en melodiese mineur op die klawerbord te kan demonstreer;
- chromatiese toonlere op D, A^b en C te kan demonstreer;
- gebroke akkoorde op C en G majeur te kan demonstreer;
- vingertegniek verder te kan ontwikkel met behulp van 'n verskeidenheid tegniese oefeninge;
- die basiese reëls van vingersetting te verstaan en korrek toe te pas;
- die basiese speelaksies van klavierspel korrek toe te pas;
- die verskil tussen legato en staccato te illustreer;
- langer stukke in uitgebreide handposisies, met komplekser ritmes en wat meer gevorderde koördinasie tussen beide hande vereis te kan speel (enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat; C, G en F majeur);
- meer gevorderde duette te speel;
- meer gevorderde bladleestegnieke te demonstreer;
- melodieë en volkswysies gespeel deur die regterhand akkoordaal te begelei in die linkerhand (slegs primêre akkoorde in C, G en F majeur);
- bogenoemde akkordale begeleiding uit te brei tot walsritmes, alberti-bas en gebroke akkoorde.

MZSQ219: MUSIEKTEORIE

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- basiese musikale elemente (ritmies, melodies, harmonies) te verstaan, te bespreek en vlot binne 'n musikale konteks, beide prakties (luister-, sing en speelvaardighede) en skriftelik, te gebruik;
- 'n les aan te bied oor enige aspek van musieknotasie.

MZSQ229: MUSIEKTEORIE

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kombinasies van die basiese musikale elemente (ritmies, melodies, harmonies, struktureel) te bespreek, te herken en in die skep en uitvoering van eenvoudige selfstandige komposisies of in die verwerking van bestaande komposisies te gebruik;
- 'n kort reeks lesse aan te bied oor kombinasies van musikale elemente en die notasie daarvan, en die lesse van ander studente te evalueer.

MZSU177: MUSIEKUITVOERING

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- deeglike kennis van studies, tegniese oefeninge en toonlere prakties op die instrument te kan illustreer;
- die voorgeskrewe bladlesse op die instrument te kan realiseer;
- die voorgeskrewe snelstudie op die instrument te kan voordra;
- die voorgeskrewe ensemble-werk met begrip tot uitvoering te kan bring;
- uitvoerings voor studente en dosente te kan gee in geskeduleerde studentekonserte;
- aan ander openbare optredes deel te neem;
- met behulp van die korrekte oefenmetodes en kritiese beluistering verfyning in eie spel te bewerkstellig;
- gevolglik 'n konsertprogram (per semester) volledig af te rond en voor te dra.

MZSU277: MUSIEKUITVOERING

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- deeglike kennis van studies, tegniese oefeninge en toonlere prakties op die instrument te kan illustreer;
- die voorgeskrewe bladlesse op die instrument te kan realiseer;
- die voorgeskrewe snelstudie op die instrument te kan voordra;
- die voorgeskrewe ensemble-werk met begrip tot uitvoering te kan bring;
- uitvoerings voor studente en dosente te kan gee in geskeduleerde studentekonserte;
- aan ander openbare optredes deel te neem;
- met behulp van die korrekte oefenmetodes en kritiese beluistering verfyning in eie spel te bewerkstellig;
- gevolglik 'n konsertprogram (per semester) volledig af te rond en voor te dra.

OPENBARE BESTUUR EN REGERING

PUMA 111: GRONDSLAE VAN OPENBARE BESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die grondslae en teoretiese fundering van Openbare Bestuur en Regering as dissipline te vertolk
- die multi-dissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Regering te verstaan
- die verskille tussen openbare en privaatsektor te kan verstaan; en
- die noodsaaklik van goeie regering in die Suid-Afrikaanse konteks te kan vertolk

PUMA 121: LOKUS EN FOKUS VAN OPENBARE BESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, tegnologies, kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat die werk van die openbare bestuurder beïnvloed, te kan ontleed en verstaan; en
- hy/sy sal in staat wees om bestuurswerk te kan afbaken in byvoorbeeld beskerming, welvaart, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig sowel as omgewingsake.
- om die verskillende bestuursfunksies (leidinggewing, beplanning, koördinerings, organisering en beheer) te kan bepaal en verstaan en sal ook in staat wees om dit te kan toepas.

PUMA 211: OPENBARE BELEID EN BEPLANNING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die beleidmakingproses in Suid-Afrika te verstaan en om sensitiwiteit rakende die rol van die openbare bestuurder in die beleidmakingproses te ontwikkel;
- die beleidsvlakke en rolspelers in beleidmaking te verstaan;
- die impak van beleidsimplementering op die samelewing te ontleed;
- openbare beleid in programme en projekte vir implementering om te skakel;
- projekbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas;
- om die openbare beplanningsproses (doel / missies / doelwitte / strategieë / prosedures / beleid ensovoorts) wat die bestuurder in staat stel om in 'n veranderende omgewing te bestuur, te kan verduidelik en te evalueer;
- die noodsaaklikheid van organisatoriese ontledings in terme van kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur te verstaan en te vertolk ten einde effektief te beplan.

PUMA 221: DIE REGERING EN VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die sosio-ekonomiese en demografiese konteks van Suid- en Suider-Afrika te ontleed en te vertolk;
- die onderskeie regeringsinisiatiewe vir volhoubare ontwikkeling op nasionale en in 'n Afrika-konteks te ontleed
- alternatiewe dienslewingsmeganismes in terme van hulle toepaslikheid binne die sosio-ekonomiese konteks te vertolk.

PUMA 311: MUNISIPALE BESTUUR EN NAVORSING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- 'n historiese oorsig van munisipale regering in Suid-Afrika te verskaf;
- munisipale grondwetlike en statutêre hervormings in Suid-Afrika te verklaar;
- kernaspekte tot die bestuur van munisipaliteite te verstaan;
- demokrasie op plaaslike owerheidsvlak te verklaar en te ontleed;
- interowerheidsverhoudinge insluitend fiskale reëlings te vertolk;
- munisipale strukture te identifiseer en te vertolk;
- beleidbepaling op plaaslike owerheidsvlak te verduidelik en te ontleed;
- vraagstukke vir munisipale bestuur in Suid-Afrika te identifiseer en oplossings aan die hand te doen;
- alternatiewe diensleweringmeganismes op plaaslike owerheidsvlak (PPPs) te identifiseer en te ontleed;
- die basiese grondslae van navorsing te verstaan; en
- die verskillende tipes en kategorieë van navorsings te verstaan en te kan toepas.

PUMA 321: STRATEGIESE OPENBARE HULPBRONBESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die noodsaak van strategiese openbare sektor bestuur te vertolk;
- openbare sektorvraagstukke soos die bestuur van verandering, hulpbronbeperkings, gebrekkige vaardighede en ander sosio-ekonomiese aspekte in terme van bestuursuitdagings te ontleed en oplossings aan die hand doen ten einde hierdie vraagstukke aan te spreek;
- menslike hulpbronbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; en
- finansiële bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas.

POLITIEKE STUDIES

POLI111: POLITIEK, STAAT EN REGERING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf en te verduidelik;
- politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; en
- 'n ontledende oorsig te kan gee van die aard, omvang, benaderings en teorieë in die politiek benaderings tot en moderne ideologieë in die politiek.

POLI121: DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die struktuur en komponente van die SA politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf;
- te verduidelik wat ko-operatiewe regering is;
- die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die SA politiek te bespreek
- die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik;
- die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

POLI211: VERGELYKENDE POLITIEK

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese metodes om vergelykings te tref, te beskryf, te verduidelik en toe te pas;
- die struktuur en die politieke dinamika van politieke stelsels te beskryf, te ontleed en te verduidelik, en
- verskeie verteenwoordigende geselekteerde politieke stelsels in die wêreld met mekaar te vergelyk en te evalueer.

POLI221: INTERNASIONALE POLITIEK

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die verskil tussen nasionale en internasionale politiek te kan beskryf; en
- die motivering agter die optrede van state, die akteurs en die wêreldpolitiek en die funksionering van die internasionale stelsel te bespreek en te verduidelik;
- internasionale organisasies se aard en optrede te verduidelik en toe te lig;
- internasionale hulpverlening en globalisering, sowel as internasionale konflik te beskryf en te verduidelik.

POLI311: POLITIEKE DEELNAME EN INTERAKSIE

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die invloed van kommunikasie en die media op die politiek te verduidelik;
- die aard en rol van belangegroeppe in die binnelandse politiek van state te bespreek;
- te verduidelik wat politieke partye en partystelsels se hoof funksies is, hoe sodanige funksies uitgevoer word en hoe partye verskillend in demokratiese en totalitêre state optree;
- verskillende kiesstelsels te beskryf en te verduidelik waarom kiesers in verkiesings stem.

POLI321: POLITIEKE IDEES EN IDEOLOGIEË

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die konsep "ideologie" te definieer en te verduidelik;
- die ontstaan, ontwikkeling en inhoud van politieke ideologieë en idees (soos die demokrasie, sosialisme, feminisme en fascisme), te beskryf, te verduidelik en te evalueer; en
- te verduidelik hoe en in watter opsigte ideologieë en politieke idees die dinamika van politieke stelsels beïnvloed.

SKRYFKUNS

SKRS111: INLEIDING TOT DIE SKRYFKUNS

Pk 1x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om kennis van die inleidende teorie van die Skryfkuns te kan weergee;
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om beter kreatief te skryf;
- om eie werk te evalueer en te redigeer;
- om binne groepverband iemand anders se kreatiewe skryfwerk skryfmatig en taalkundig kan beoordeel.

SKRS121: SKRYFKUNS: DIE SKRYF VAN PROSA

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om kennis van die inleidende teorie van prosa te kan weergee;
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om beter kreatief te skryf;
- om 'n kortverhaal te skryf wat daarvan getuig dat dit eie, oorspronklike werk is;
- om binne groepverband iemand anders se verhaal skryfmatig en taalkundig te kan beoordeel;
- om te leer om ander te leer om te skryf;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

SKRS211: SKRYFKUNS: DIE SKRYF VAN POËSIE

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om kennis van die inleidende teorie van poësie te kan weergee;
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om beter kreatief te skryf;
- om 'n gedig te skryf wat daarvan getuig dat dit eie, oorspronklike werk is;
- om binne groepverband iemand anders se verhaal skryfmatig en taalkundig te kan beoordeel;
- om te leer om ander te leer om te skryf;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

SKRS221: SKRYFKUNS: DIE SKRYF VAN KINDER- EN JEUGLITERATUUR

Pk 1x3 1:1

By suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om kennis van die inleidende teorie van kinder- en jeugliteratuur te kan weergee;
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om beter kreatief te skryf;
- om verskillende tekstipes vir jong lesers van verskillende ouderdomme te kan skryf;
- om binne groepverband iemand anders se tekste skryfmatig en taalkundig te kan beoordeel;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

SOSIALE ANTROPOLOGIE**SANL111: INLEIDING TOT DIE SLEUTELKONSEPTE IN SOSIALE ANTROPOLOGIE**

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die konseptuele en metodologiese aard wat Sosiale Antropologie as sosiale wetenskapsdissipline kenmerk, te identifiseer;
- die sleutelkonsepte waaruit die dissipline opgebou is, te verstaan;
- hierdie konseptuele gereedskap te kan bespreek, hulle bruikbaarheid sowel as beperkings te besef, met verwysing na plaaslike en internasionale etnografiese voorbeelde;
- die belang van hierdie sosiaal-antropologiese konsepte te verklaar deur die verantwoordings van verweefdheid en kompleksiteit by sosiale navorsing.

SANL121: INLEIDING TOT TEMAS IN SOSIAAL-ANTROPOLOGIESE NAVORSING

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- belangrike velde van navorsing te identifiseer waartoe Sosiale Antropologie bydra (Mediese Antropologie; die Antropologie van Film en Media, Ontwikkeling, Geslagtelikheid (gender), Geweld, ensovoorts.);
- te verstaan hoe antropologiese sleutelkonsepte bydra tot navorsing en die kritiese verstaan in hierdie navorsingsvelde;
- sosiaal-antropologiese bydraes tot hierdie velde van navorsing te bespreek in terme van plaaslike en internasionale etnografiese voorbeelde;
- te verduidelik hoe antropologiese sleutelkonsepte en die etnografiese benadering die vak uniek in staat stel om te verklaar hoe die sosiale lewe kompleks en verweef is.

SANL212 MEDIESE ANTROPOLOGIE

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- medisyne as simboliese sisteem te verstaan wat net soveel 'n produk van die geskiedenis en van sosiale en kulturele faktore is, as wat dit handel oor biologiese en fisiologiese insig;
- sleutelvelde van studie in die Mediese Antropologie te identifiseer soos kruis-kulturele diskoerse oor geestesgesondheid, die sosio-kulturele konstruksie van siekte en die liggaam, en die professionalisering van tradisionele medisyne;
- te bespreek wat die spesifieke bydrae van antropologiese konsepte en navorsingsmetodes met betrekking tot hierdie studieveld binne die wêreld van gesondheid en gesondheidspraktyk is, met verwysing na plaaslike en internasionale etnografiese en gevallestudies;
- die belang en potensieële bydrae van sosiale-antropologiese ondersoeke in mediese diskoerse en praktyke te verduidelik, in besonder binne 'n diverse en ongelyke samelewing.

SANL222 DIE ANTROPOLOGIE VAN ONTWIKKELING

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- te begryp dat die idee van ontwikkeling 'n geskiedenis het en gebou is op 'n stelsel van ongelyke globale verhoudings wat terugdateer na kolonialisme en sosiale evolusionisme;
- die hoof teoretiese raamwerke van ontwikkeling soos moderniseringsteorie, onderontwikkelingsteorie en wêreldsisitemteorie krities te kan bespreek;
- met verwysing na gevallestudies te kan bespreek wat die rol en spesifieke bydrae is van antropologiese konsepte en navorsingsmetodes (in besonder die siening van kulturele relativisme, sosiale betrokkenheid en langdurige kwalitatiewe veldwerk) binne die konteks van beide beoordeling en bydraend tot ontwikkelingsteorie en ontwikkelingspraktyk.

SANL223 DIE ANTROPOLOGIE VAN MEDIA

Pk 1X2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- te begryp dat die media 'n diverse sosiale instelling is wat deurtrek is met magsverhoudinge;
- representasie-politiek te gebruik om te verduidelik en te analiseer hoe media-representasies bydra tot die produksie van diskoers oor die Ander (the Other) en tot stereotipes met betrekking tot ras en geslagtelikheid (gender) lei;

- met verwysing na voorbeelde, die tekortkomings van teksgebaseerde benaderings in mediaprojekte te ontleed en hoe ontleding wat politieke-ekonomiese en praktiese is, hierdie tekortkomings kan voorkom;
- te verduidelik hoe mediaboodskappe binne 'n web van sosiale verhoudings bestaan en hoe antropologiese konsepte en navorsingsmetodes kan bydra tot begrip van hoe hierdie betekenis binne sekere verhoudings geskep word;
- die wyses bespreek waarop nuwe inligtingstechnologieë of patrone van sosiale interaksie verander en tot nuwes lei.

SANL312 TEORIE IN ANTROPOLOGIE: NAVORSING EN SKRYFWERK

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- te begryp dat teoretiese modelle nie steriele gereedskap is wat die navorser slegs in staat stel om die werklikheid te "ontsluier" nie, maar dat dit 'n historiese en ideologiese konteks het, en instrumenteel is in die produksie van 'n weergawe van die werklikheid;
- die hoof teoretiese raamwerke binne die dissipline vanaf die einde van die negentiende eeu tot die huidige te kan identifiseer;
- hierdie raamwerke te kan beoordeel in terme van hulle ideologiese en historiese konteks;
- die verhouding te bespreek tussen hierdie teoretiese raamwerke (met verwysing na die dialektiese verhouding tussen die weergawes van die werklikheid wat dit antropoloë laat skep het) en die antropoloë se eintlike veldwerkervaring;
- die belangrikste navorsingsmetodes te kan kies, gebaseer op die vereistes van die navorsingsvraag;
- 'n navorsingsvoorstel te skep, 'n metodologie te kan uitvoer, en etnografiese data te kan analiseer en neerskryf in 'n analitiese navorsingsverslag.

SANL322: GLOBALISERING EN DIE MAGSDINAMIEK VAN WISSELING EN BEHOORT (BELONGING)

Pk 1X3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die teoretiese en historiese debatte te kan bespreek rondom dit wat tans globalisering genoem word;
- te kan verduidelik welke teoretiese en metodologiese uitdagings aan Antropologie gestel word deur die toenemende globale beweging en verbondenheid en hoe onlangse debatte rondom teorie en metode moontlike oplossings bied vir hierdie uitdagings;
- sekere teoretiese invalshoeke oor dinamiese wisselwerking tussen globalisering, identiteit, kultuur, ras/rassisme, geslagtelikheid (gender) en etnisiteit te analiseer en te begryp;
- 'n grondige analise van die verpolitiserings van kultuur, kulturele imperialisme; kommodifisering van kultuur; kulturele weerstand en menseregte te maak;
- die dinamiek en betekenis van gevallestudies met betrekking tot geslagtelikheid; etnisiteit en ras in die Suider-Afrikaanse omgewing te beheers.

SOSIOLOGIE

SOSL 111: INLEIDING TOT SOSIOLOGIE: BASIESE KONSEPTE

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bevredigende kennis met betrekking tot sosiologiese konsepte soos samelewing, sosiale struktuur en interaksie, te demonstreer;

- oor voldoende kennis van basiese navorsingsmetodologie en sosiologiese perspektiewe te beskik;
- sosiologiese konsepte op die Suid-Afrikaanse ontwikkelingskonteks van toepassing te kan maak.

SOSL 121: INLEIDING TOT SOSIOLOGIE: INSTELLINGS EN TEMAS

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bevredigende kennis met betrekking tot sosiologiese konsepte te demonstreeer asook om die konsepte te kontekstualiseer en binne die Suid-Afrikaanse ontwikkelingskonteks van toepassing te maak;
- met behulp van sosiologiese perspektiewe verskillende sosiale instellings, byvoorbeeld die gesin, die opvoeding, die ekonomie, die godsdiens en die politiek, krities te analiseer;
- teoretiese perspektiewe op verskillende temas in die sosiologie, byvoorbeeld volhoubare ontwikkeling, armoede, sosiale stratifikasie, ras, klas en gender, toe te pas.

SOSL 122: INLEIDING TOT SUID-AFRIKA: 'N SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die Suid-Afrikaanse samelewing vanuit 'n vergelykende perspektief te begryp;
- bevredigende kennis met betrekking tot Suid-Afrika se sosio-politieke en ekonomiese skakels met die globale wêreld asook met ander Afrika-lande te demonstreeer en die impak daarvan op ontwikkeling in Suid-Afrika te begryp;
- nasionale beleidsrigtings en die impak daarvan op volhoubare ontwikkeling en sosiale rekonstruksie vanuit verskillende sosiologiese perspektiewe krities te evalueer.

SOSL211: SUID-AFRIKA : KULTUUR, KULTUURVERSCHEIDENHEID, LEWENSVISIE EN VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die begrippe kultuur, kultuurverskeidenheid, lewensvisie en volhoubare ontwikkeling te verstaan en te gebruik;
- vanuit verskeie sosiologiese perspektiewe kultuur te ontleed;
- die invloed van kultuur en lewensvisie op volhoubare ontwikkeling te begryp.

SOSL212: AFRIKA- EN WESTERSE KULTUUR: 'N VERGELYKING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die tradisionele Afrikalewensvisie te verstaan;
- die Westerse kultuur, lewensvisie en ontwikkelingsdenke te begryp;
- Afrikakultuur en Westerse kultuur met mekaar te kan vergelyk.

SOSL221: SUID-AFRIKA : SOSIALE VERANDERING : INLEIDING A

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die betekenis van die begrip *sosiale verandering* te verstaan en te beheers en
- teoretiese perspektiewe op sosiale verandering te kan toepas

SOSL222: SUID-AFRIKA : SOSIALE VERANDERING : INLEIDING B

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student oor grondige kennis van bepaalde kragte wat 'n invloed op sosiale verandering en volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika uitoefen, beskik (bv. sosiale revolusies, regstellende aksie, sosiale bewegings).

SOSL311: SUID-AFRIKA : ONTWIKKELINGSAGTERSTANDE : INLEIDING A

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- verskillende ontwikkelingsagterstande wat volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika strem, te verstaan, te ontleed en te verklaar.;
- verskeie ontwikkelingsagterstande wat volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika strem, sal op 'n jaarlikse rotasiebasis *capita selecta* bestudeer word (bv. armoede, misdaad en geweld, korrupsie).

SOSL312: SUID-AFRIKA : ONTWIKKELINGSAGTERSTANDE : INLEIDING B

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- verskillende ontwikkelingsagterstande wat volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika strem, te verstaan, te ontleed en te verklaar;
- verskeie ontwikkelingsagterstande wat volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika strem, sal op 'n jaarlikse rotasiebasis *capita selecta* bestudeer word (bv. huwelik-en gesinsprobleme, bevolkingsproblematiek, migrasie).

SOSL321: SUID-AFRIKA : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING-STRATEGIEË: INLEIDING A

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- volhoubare sosiale ontwikkelingstrategieë te begryp en te beheers: modernisering (industrialisering), afhanklikheid (hulpverlening) en 'n mensgesentreerde ontwikkelingsmodel (selfhelp); en
- die rol wat gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbemagtiging in volhoubare ontwikkeling speel, te verstaan en toe te pas.

SOSL322: SUID-AFRIKA : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELINGSTRATEGIEË : INLEIDING B

Pk 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kennis van die beplanning van 'n ontwikkelingsprojek vir volhoubare ontwikkeling te dra, dit te beheers en te kan toepas; en
- die rol wat die gemeenskapsontwikkelaar in volhoubare ontwikkeling speel, te kan ontleed.

TAALTEGNOLOGIE

AFTW212: TAALTEGNOLOGIE: INLEIDEND

Pk 1x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n oorsig te kan gee van die terrein van die Taaltegnologie;
- 'n oorsig te kan gee van die belangrikste taaltegnologiese toepassings;
- die belangrikheid van Taaltegnologie vir 'n multitalige Suid-Afrika te kan bespreek;
- die mens-rekenaar-verhouding te kan bespreek.

AFTW222: TAALTEGNOLOGIE: GEVORDERD

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- `n oorsig te hê oor die terrein van Spraaktegnologie en spraaktegnologiese toepassings;
- die terreine van die fonetiek en fonologie te kan verduidelik;
- tekste foneties te kan transkribeer;
- klankseine akoesties te kan analiseer;
- die terrein van die Korpuslinguistiek te kan verduidelik;
- die belangrikste tegnieke in die Korpuslinguistiek te kan bespreek;
- problematiese gebiede binne die Korpuslinguistiek krities te kan verduidelik;
- `n eenvoudige korpus te versamel en verwerk;
- die belangrikste metodes van data-insameling te kan gebruik;
- `n verskeidenheid formalismes te kan gebruik.

AFTW311: NATUURLIKETAALPROSESSERING: INLEIDEND

Pk 1x3 2:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die basisbeginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas;
- probleme en moontlike oplossings vir meerduidigheid te kan toepas;
- "Hidden Markov Models" te kan gebruik;
- probleme en moontlike oplossings vir woordsoortetikettering te kan verstaan.

AFTW321: TAALTEGNOLOGIE: SPRAAKTOEPASSINGS

Pk 1x3 2:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- probleme en oplossings met betrekking tot spraakherkenning en -sintese te kan verduidelik;
- die vereistes en argitektuur van `n spraakgereedskapstel te kan verduidelik;
- `n eenvoudige spraaktoepassing te kan ontwikkel.

AFTW322: TAALTEGNOLOGIE: TEKSTOEPASSINGS

Pk 1x3 2:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- probleme en oplossings met betrekking tot teksherkenning en -produksie te kan verduidelik;
- die vereistes en argitektuur van `n teksgereedskapstel te kan verduidelik;
- `n eenvoudige tekstoepassing te kan ontwikkel.

AFTW411: TAALTEGNOLOGIE: INTERNSKAP

Pk 0 1:0

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- in spanverband te werk aan die ontwikkeling van taaltegnologiese toepassings;
- taaltegnologiese probleme te kan identifiseer en oplossings te kan genereer.

AFTW421: NATUURLIKETAALPROSESSERING: GEVORDERD

Pk 1x6 2:1

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- gevorderde beginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas;
- gevorderde woord- en sinsontleding met behulp van die rekenaar te kan doen;
- `n verskeidenheid van grammatikas te kan skryf en gebruik;
- insig te hê in inligtingsonttrekking en tekstkategorisering.

AFTW422: TAALTEGNOLOGIE: PROJEK

Pk 0 1:0

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n taaltegnologiese toepassing te ontwikkel en uit te voer;
- 'n projek selfstandig te kan bestuur;
- 'n tegniese verslag oor 'n projek te kan skryf.

TSWANA [EERSTETAAL]

Setswana sa leleme la ga mme. Dimojulu tse di latelang tsa Setswana di rutiwa ka Setswana e le leleme la go ruta.

ATSW113: TSWANA: TAALKUNDE EN FONETIEK

TEL 1×2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die basiese konsepte in die Tswana-taalkunde te bespreek en toe te pas;
- die artikulatoriese fonetiek van Tswana te bespreek en die kenmerke van Tswana-klanke uiteen te sit; en
- die Tswana-ortografie en die fonetiese weergawe daarvan weer te gee.

ATSW123: TSWANA: TAALKUNDE EN LETTERKUNDE

TEL 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die Tswana-woordsoorte en hulle subkategorieë te bespreek; en
- 'n oorsig te gee oor die gesegdes, spreekwoorde en raaisels van Tswana.

ATSW213: TSWANA: TAALKUNDE EN POËSIE

Pk 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die groei en die ontwikkeling van die Tswana-grammatika te bespreek;
- meer kreatiewe taalvaardighede te gebruik;
- die benaderingswyses ten opsigte van die letterkunde in die groter kommunikatiewe raamwerk te plaas en te bespreek; en
- op grond van 'n teoretiese raamwerk 'n analise van geselekteerde Tswana-gedigte te maak.

ATSW223: TSWANA: SINTAKSIS EN LETTERKUNDE

Pk 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sin in Tswana uiteen te sit en te bespreek; en
- 'n wetenskaplik gefundeerde bespreking van geselekteerde essays en kortverhale in Tswana te hanteer.

ATSW313: TSWANA: MORFOLOGIE EN MODERNE PROSA

Pk 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die morfologie as taalwetenskaplike dissipline te omskryf;
- die woordsoorte van Tswana met hul subkategorieë te klassifiseer en die struktuur daarvan te bespreek en te analiseer;
- die ontstaan en ontwikkeling van die moderne prosa in Tswana te bespreek;

- enkele moderne benaderingswyses t.o.v. prosa te bespreek en 'n raamwerk vir evaluering van prosatekste aan te bied; en
- geselekteerde moderne Tswana-prosatekste wetenskaplik te analiseer.

ATSW323: TSWANA: FONOLOGIE EN DRAMA

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die fonologie as taalwetenskaplike dissipline te omskryf;
- die oorsaak van klankveranderinge wat in Tswana voorkom, die omstandighede waarin dit voorkom, die raamwerk waarbinne dit plaasvind en die aspekte betrokke by die proses van klankverandering te bespreek;
- die ontstaan en ontwikkeling van die moderne drama in Tswana te bespreek;
- enkele moderne benaderingswyses t.o.v drama te bespreek en 'n raamwerk vir evaluering van dramatekste aan te bied; en
- geselekteerde moderne Tswana-dramas wetenskaplik te analiseer.

TSWANA [DERDETAAL]

ATSW114: BASIESE STRUKTURE VAN TSWANA

Pk 2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik; en
- die basiese taalvaardighede, naamlik luister, praat en lees op elementêre vlak te gebruik.

ATSW124: GRAMMATIKALE STRUKTURE VAN TSWANA

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- 'n groter hoeveelheid noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik; en
- die basiese taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees en skryf op elementêre vlak te gebruik.

ATSW214: TSWANA: TAALKUNDE EN FONETIEK

Pk 2x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- meer gevorderde grammatikale strukture in Tswana te hanteer;
- Tswana-klanke foneties te beskryf en om die Tswana-ortografie te transkribeer in fonetiese skrif; en
- basiese kommunikatiewe vaardighede in Tswana te hanteer, m.a.w. geselekteerde vertaalwerk te doen, 'n basiese gesprek in Tswana te voer en basiese skryf- en leeswerk te beheers.

ATSW224: TSWANA: TAALKUNDE EN TRADISIONELE LETTERKUNDE

Pk 2x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die saamgestelde tye van die werkwoord asook die kopulatiewe in die verskillende modi van Tswana te gebruik;
- geselekteerde Tswana-volksverhale, spreekwoorde en gesegdes vanuit 'n kulturele oogpunt te bespreek en struktureel te analiseer; en
- basiese kommunikatiewe vaardighede in Tswana te hanteer, m.a.w. geselekteerde vertaalwerk te doen, 'n basiese gesprek in Tswana te voer en basiese skryf- en leeswerk te beheers.

ATSW314: TSWANA: MORFOLOGIE, SINTAKSIS EN POËSIE

Pk 2x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die morfologie en die sintaksis as taalwetenskaplike dissiplines te omskryf;
- die woordsoorte van Tswana met hul subkategorieë te klassifiseer en die struktuur daarvan te bespreek en te analiseer;
- die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sin van Tswana te bespreek en te analiseer;
- geselekteerde tradisionele poësie, geskrewe poësie en raaisels vanuit 'n kulturele oogpunt struktureel te analiseer; en
- gegradeerde vertaalwerk na en van Tswana te doen, effektief in Tswana te kommunikeer en doelmatige stel-/skryfwerk te hanteer.

ATSW324: TSWANA: FONOLOGIE, PROSA EN DRAMA

Pk 2x2 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die fonologie as taalwetenskaplike dissipline te omskryf;
- die oorsaak van klankveranderinge wat in Tswana voorkom, die omstandighede waarin dit voorkom, die raamwerk waarbinne dit plaasvind en die aspekte betrokke by die proses van klankverandering te bespreek;
- Tswana-tekste na Afrikaans en Afrikaanse tekste na Tswana te vertaal;
- geselekteerde Tswana-kortverhale en eenbedrywe vanuit 'n kulturele oogpunt te analiseer; en
- gegradeerde vertaalwerk na en van Tswana te doen, effektief in Tswana te kommunikeer en doelmatige stel-/skryfwerk te hanteer.

VERTAALKUNDE**TRNL111: INLEIDING TOT TAALPRAKTYK**

Pk 1x2 1:1

By voltooiing moet die student in staat wees om

- te onderskei tussin vertaling en tolking;
- oor basiese en gespesialiseerde kennis beskik oor die veld van vertaling en tolking;
- 'n aanvaarbare vertaling van 'n teks kan maak;
- die teks van 'n vertaalstuk in goeie taal in die brontaal kan oordra;
- weet watter hulpmiddels tot sy/haar beskikking is en ook weet hoe om dit te implementeer; en
- die basiese beginsels van vertaling kan toepas.

TRNL121: TAALPRAKTYK EN DIE MEDIA

Pk 1x3 1:1

By voltooiing moet die student

- goeie en korrekte taal kan gebruik en taalfoute herken;
- goeie kennis hê van die eise van die vertalersberoep/kopieskrywersberoep/taalversorging;
- goeie kennis hê van die taalreëls van beide 'n gekose brontaal en doeltaal.

TRNL211: PERSPEKTIEWE OP DIE TAALPRAKTYK

Pk 1x3 1:1

By voltooiing moet die student

- die verskillende benaderings tot vertaalkunde kan bespreek;
- vertaalmetodes, -modelle en -prosedures in die praktyk kan gebruik; en
- verskillende tekstipes en genres kan onderskei.

TRNL221: VAARDIGHEDE VIR DIE TAALPRAKTYK

Pk 1x3 1:1

By voltooiing moet die student

- vertaalmetodes, modelle en prosedures in die praktyk kan gebruik;
- verskillende tekstipes en genres kan onderskei;
- hulpmiddels kan gebruik;
- die taalversorging van 'n teks kan doen;
- die beginsels van vertaling kan toepas.

TRNL311: VERTAALPRAKTYK: KREATIEWE VERTALING

Pk 1x3 1:1

By voltooiing moet die student

- kennis dra van belangrike teoretiese tendense in die literatuurteorie;
- die basiese beginsels van vertaling op literêre tekste kan toepas;
- die teks van 'n vertaalstuk in goeie taal in die brontaal kan oordra; en
- die beginsels van kreatiewe vertaling kan toepas.

TRNL321: TAALPRAKTYK IN DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTORE

Pk 1x3 1:1

By voltooiing moet die student

- kennis dra van wat die grondwet oor taal sê;
- wetgewing oor taal ken;
- verskillende regeringsvlakke ken;
- gespesialiseerde vertalings vir 'n bepaalde sektor kan doen;
- weet hoe om as entrepreneur op te tree;
- die verskillende tolkmodusse en tolktipes kan bespreek;
- kennis hê van tolktegnieke en tolkvaardighede van skakeltolking/ konferensietolking;
- tolktegnieke en tolkvaardighede van skakeltolking/ konferensietolking kan toepas; en
- kennis hê van die omgewings waarin skakeltolking/ konferensietolking gebruik word.

ZOELOE [DERDETAAL]**AZOE214: ZOELOE: TAALKUNDE EN FONETIEK**

Pk x 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- sekere grammatikale strukture van Zoeloe te omskryf en toe te pas;
- 'n verskeidenheid tekste uit Zoeloe te vertaal;
- briewe, opstelle en ander tekste in Zoeloe te skryf;
- sekere aspekte van die Zoeloe-kultuur te bespreek; en
- Zoeloe-klanke foneties te beskryf en om die Zoeloe-ortografie te transkribeer in fonetiese skrif.

AZOE224 ZOELOE: TAALKUNDE EN TRADISIONELE LETTERKUNDE

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- sekere grammatikale strukture van Zoeloe te omskryf en toe te pas;
- 'n verskeidenheid tekste uit Zoeloe te vertaal;
- briewe, opstelle en ander tekste in Zoeloe te skryf;
- sekere aspekte van die Zoeloe-kultuur te bespreek; en
- Zoeloe-volksverhale met begrip te kan lees en interpreteer en die tradisionele letterkunde van Zoeloe te beskryf vanuit 'n kommunikatiewe oogpunt en geselekteerde Zoeloe-kortverhale struktureel te analiseer.

AZOE314: ZOELOE: MORFOLOGIE, SINTAKSIS, POËSIE EN PROSA

Pk 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die morfologie en die sintaksis as taalwetenskaplike dissiplines te omskryf;
- die woordsoorte van Zoeloe met hul subkategorieë te klassifiseer en die struktuur daarvan te bespreek en te analiseer;
- die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sin van Zoeloe te bespreek en te analiseer;
- geselekteerde Zoeloe-gedigte en kortverhale te analiseer; en
- gegradeerde vertaalwerk na en van Zoeloe te doen, effektief in Zoeloe te kommunikeer en doelmatige stel-/skryfwerk te hanteer.

AZOE324: ZOELOE: FONOLOGIE EN DRAMA

Pk 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die student in te staat wees om

- die fonologie as taalwetenskaplike dissipline te omskryf;
- die oorsaak van klankveranderinge wat in Zoeloe voorkom, die omstandighede waarin dit voorkom, die raamwerk waarbinne dit plaasvind en die aspekte betrokke by die proses van klankverandering te bespreek;
- die verskille tussen Zoeloe, Xhosa en Swazi uiteen te sit;
- geselekteerde Zoeloe-radiodramas te analiseer; en
- gegradeerde vertaalwerk na en van Zoeloe te doen, effektief in Zoeloe te kommunikeer en doelmatige stel-/skryfwerk te hanteer.